

Inleiding

In die studie sal geargumenteer word dat sommige Afrika-leierskappe mag behou deur geweld te gebruik teen diegene wat hulle as opposisie beskou. Verder bou hulle kliëntenetwerke op waardeur hulle hulself verryk en hulle ondersteuners vergoed vir hulle lojaliteit. Met die begrip 'leierskap' word verwys na 'n alliansie van lede van die sentrale uitvoerende gesag, senior offisiere in die gewapende magte, hooggeplaaste lede van die burokrasie en senior amptenare in die regerende party. Die argument is dat Afrika-state direk na onafhanklikheid, ten spyte van uiteenlopende ideologieë, in meeste gevalle dieselfde patroon van politieke ontwikkeling gevolg het. Mag is in die uitvoerende gesag gesentraliseer. Verder het die verskil tussen die heersende party en die staat vervaag. Die party se strukture het egter begin krimp omdat meeste van sy leiers posisies in die regering opgeneem het. Terselfdertyd is moontlike opposisie-groepe en -partye deur die leierskap gekoöpteer om posisies binne die regering te beklee, of met geweld onderdruk.

Om hul magsposisie te beveilig, moes leierskappe die ondersteuning hê van groepe of instellings wat volgens hulle noodsaaklik was vir hul magsbehoud. Sulke groepe was byvoorbeeld die weermag, dele van die burokrasie, persone met sekere besigheidsbelange en etniese groepe. Om dié groepe se lojaliteit en ondersteuning te behou, is hulle geïnkorporeer in kliëntenetwerke waarvolgens hulle toegang verkry het tot staatshulpbronne. Dit sluit in posisies in die staat wat gebruik kon word vir selfverryking en die moontlikheid dat soortgelyke netwerke opgebou kon word. Daar sal geïllustreer word dat kliëntenetwerke noodwendig korrupsie tot gevolg gehad het, omdat staatshulpbronne vir private doeleindes aangewend word. Die sentralisering van mag in die hande van die uitvoerende gesag het daardie groep die mag gegee om kliëntenetwerke te kan bestuur omdat hulle kon bepaal wie toegang sou hê tot staatshulpbronne.

Die aard van die stelsel wat hierbo beskryf is, het aanleiding daartoe gegee dat die staat, en posisies daarin, gesien is as 'n politieke (en openbare) middel tot private verryking. Kliëntenetwerke het alle betrokkenes gebind in 'n web van wedersydse ondersteuning en verryking. Verder het die gelykstelling van politieke mag met selfverryking ook verklaar

waarom leierskappe bereid was om geweld te gebruik teen diegene wat hulle as opposisie beskou het. Die verlies van politieke mag sou ook die verlies van ekonomiese geleenthede teweeg bring. Daar sal voorts verduidelik word hoe dié stelsel die verskynsel van ‘staatsentrepreneurs’ opgelewer het, naamlik amptenare wat hul openbare posisies vir doeleindes van private gewin misbruik het.

Die oorgrote meerderheid literatuur oor kliëntenetwerke en leierskap in Afrika, handel oor die gebeure binne sekere state. Daar sal geargumenteer word dat sulke netwerke na ander state kan uitbrei. Die ‘staatsentrepreneurs’ wat hul amptelike posisies vir private gewin gebruik, kan die amptelike strukture van ‘n gegewe staat gebruik om ‘n ander binne te dring om so toegang tot daardie staat se hulpbronne te verkry. State wat amptelik in ander inmeng ten behoeve van lede van die leierskap (van die staat wat inmeng) wat hulself en hul kliënte te verryk, sal ‘aasvoëlstate’ genoem word. Hierdie proses speel hom af in die Republiek van Zimbabwe, onder die beheer van ZANU PF, t.o.v. daardie staat se betrokkenheid in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK).

Die studie word in drie afdelings verdeel. Deel 1 sal ‘n raamwerk bied en beskryf hoe kliëntenetwerke funksioneer en wat die politieke logika agter die bestuur daarvan is. Deel 2 sal toon dat politieke mag in Zimbabwe na onafhanklikheid in 1980 in die hande van die uitvoerende gesag gesentraliseer is. Daar sal ook gewys word hoe lede van die Zimbabwiese leierskap geweld teen opposisiegroepe beplan en gekoördineer het, alhoewel daar gebruik gemaak is van groepe wat nie amptelik met die staat verbind kan word nie. In Deel 3 sal kliëntenetwerke en die korrupsie wat daarmee gepaard gaan, bespreek word. Korrupsie en die gebruik van kliëntenetwerke deur die Zimbabwiese leierskap word ontleed. Daar sal getoon word dat lede van die leierskap hul posisies en toegang tot staatshulpbronne gebruik het om hulself en hul kliënte te verryk, wat dit geregverdig maak om hulle as ‘staatsentrepreneurs’ te beskryf. Die Zimbabwiese leierskap se aktiwiteite in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) sal ook ondersoek word. Die argument is dat die Zimbabwiese weermag se inmenging in die DRK deur die leierskap gebruik word om hulself en hul kliënte verder te verryk. Die

bespreking sal illustreer dat Zimbabwe se optrede in die DRK ooreenstem met dié van ‘n ‘aasvoëlstaat’.

Deel Een: Leierskap en regering in post-koloniale Afrika

Dié afdeling sal fokus op die tipe leierskap wat in post-koloniale Afrika ontwikkel het. Die argument is dat Afrika-regerings korrupsie in die vorm van kliëntennetwerke en geweld teen opposisie-groepe gebruik het om in mag te behou. Daar sal begin word deur die dominante ideologieë in post-koloniale Afrika te analiseer. Daarna sal geïllustreer word dat hierdie ideologieë almal die eienskap gedeel het dat politieke mag in die hande van die uitvoerende deel van die regering gesentraliseer is. Die sentralisering van mag het die bestuur van kliëntennetwerke vergemaklik. Leierskappe het sulke netwerke gebruik om hul legitimiteit te behou onder groepe en individue wat as noodsaaklik vir hul magsbehoud gesien is. Die funksionering van kliëntennetwerke sal daarna ontleed word. Daar sal geargumenteer word dat die staat gesien is as ‘n politieke middel tot ekonomiese mag. Hiervolgens is staats-hulpbronne aangewend vir die private verryking van die leierskap, en kon die staat deur hierdie individue se toedoen in kriminele aktiwiteite betrokke raak.

1.1 Regeringsvorme in post-koloniale Afrika

Afrika het na onafhanklikheid ‘n verbysterende aantal staatsideologieë na vore gebring. Dit sluit in *Ujamaa* (Swahili vir ‘familieskap’) in Julius Nyerere se Tanzanië, ‘Negritude’ in Leopold Senghor se Senegal, ‘Humanisme’ in Kenneth Kaunda se Zambië, ‘Wetenskaplike sosialisme’ in Maren N’ Gouabise se Kongo (Brazzaville) en ‘Bourguibisme’ in Habib Bourguiba se Tunisië (Ayittey, 1992: 103). Ten spyte van die uiteenlopende karakter van al hierdie amptelike staatsideologieë het Chazan *et al* (1992: 137-150) ses regeringstipes in Afrika geïdentifiseer:

Administratief-hegemoniese regerings: In hierdie tipe regerings was die sleutelinstellings die uitvoerende gesag (kabinet), die burokrasie en die gewapende magte. Beleidbepaling was grootliks gesentraliseer in die president en sy binnekring. Beleidmakers het gepoog om belangegroepes (soos besigheidsmanne of lede van sekere etniese groepe) wat hulle as belangrik vir hul magsbehoud geag het, in te sluit in die proses van beleidbepaling om hul

lojaliteit te verseker. Beleidbepaling het ten gunste van sulke belangegroepes gediskrimineer en daar kon 'n duidelike onderskeid getrek word tussen die individue en groepe wat gebaat het by die toekenning van openbare hulpbronne en diegene wat nie toegang gehad het nie. Party groepe kon somtyds doelbewus uitgeskuif word in die toekenning van openbare hulpbronne om die heersende koalisie te versterk. Hierdie vorm van regering het berus op die versigtige bou én bestuur van kliëntenetwerke sodat toegang tot openbare hulpbronne gereguleer kon word. Onder die betrokke state was Kenia, Zambië, Malawi en Nigerië (Chazan et al, 1992: 136-7).

Partymobiliserende regerings: Hierdie state is gekenmerk deur 'n kombinasie van n' enkelparty wat alle ander oorheers het, en 'n uitbreiding van die burokrasie onder die beheer van 'n uitvoerende president. Mag in hierdie state is gesentraliseer in die president en die party. Ideologie het 'n belangrike rol gespeel (gewoonlik in die vorm van sosialisme) as 'n metode om ondersteuning van die bevolking te verkry. Die identifisering van die leiers met die party, die nasie en die burokrasie is sterk beklemtoon. Alhoewel die party besonder belangrik was in sulke state, is sommige groepe doelbewus uit die party se strukture en besluitmakingsmeganismes gesluit. Die sukses van sulke state was afhanklik van die kundigheid van die leier of president en sy vennote eerder as van die land se instellings. Sulke state sluit in Ghana onder Nkrumah, Algerië onder Houari Boumedienne en Zimbabwe onder Robert Mugabe (Chazan et al, 1992: 142-44).

Sentrale partyregerings: In hierdie state het die party aangedring op totale beheer van die staat. Die leiers van die party en lede van die uitvoerende deel van die regering is saamgesnoer deur hul gemeenskaplike geloof in hul ideologie (gewoonlik Marxisme). Die geloof dat die party die samelewing as geheel moet kan beheer het gelei tot 'n sentralisering van mag in die partyleierskap en geweld is gebruik teen groepe of individue wat deur die party gesien is as opposisie. Onder hulle was die 'Afro-Marxistiese' state van die 1980's, soos Mosambiek, Angola, Ethiopië en Guineë-Bissau (Chazan et al, 1992:144-6).

Persoonlike dwangregerings: In hierdie state is die instellings van die staat, soos die weermag, burokrasie, parlement en regsbank, totaal aan die wense van die leier onderwerp. Anders as in partymobiliserende state en sentrale partyregerings waar daar 'n kollektiewe leierskap geïdentifiseer kon word, is die oorheersing van 'n enkele leier hier

volkome. Politieke reëls is vloeibaar en geweld word gebruik teen die leier se opponente. Die leier se vennote is ook nie verhewe bo vervolging nie. Voorbeelde van sulke state is Jean-Bedel Bokassa se Sentraal Afrikaanse Republiek, Uganda onder Idi Amin en Liberië onder Samuel Doe (Chazan *et al*, 1992:147-8).

Populistiese regerings: Hierdie regerings het in 1980's na vore gekom in reaksie op hulle korrupte voorgangers. Groot klem is geplaas op deursigtigheid van besluitneming in die regering en nuwe instellings is gestig om bestaande instellings soos die burokrasie te monitor en om nuwe politieke norme af te dwing. Ten spyte van amptelike retoriek waarin die regering teen sy korrupte voorgangers uitgevaar het, het kliëntennetwerke in sulke state steeds in stand gebly, met die nuwe instellings wat verdere geleenthede geskep het vir die uitbreiding daarvan. Mag is gesentraliseer in die leier, sy onmiddellike vennote en die nuwe 'populêre' instellings. Voorbeelde van sulke state is Ghana onder Jerry Rawlings, Burkino Faso onder Thomas Sankura en Libië onder Muammer Qudaffi (Chazan *et al*, 1992: 148-9).

Pluralistiese regerings: Hierdie state is gekenmerk deur 'n skeiding van magte tussen die wetgewende en uitvoerende kante van die regering. Die burgerlike samelewing het aansienlike onafhanklikheid geniet, verkiesings is gereeld gehou en parlementariërs is by geleentheid in kiesafdelings vervang. Dié vorm van regering was nie histories baie suksesvol in Afrika nie. State wat in hierdie kategorie val, sluit Botswana en Mauritius in. In die vroeë 1990's het 'n aantal state in Afrika deur 'n proses van demokratisering gegaan en die sukses van pluralistiese regerings in daardie state sal nog bepaal word (Chazan *et al*, 1992: 140-2).

Vervolgens sal die verhouding tussen die sentralisering van mag en die bestuur van kliëntennetwerke geanaliseer word.

1.2 Sentralisering van mag en kliëntennetwerke

Die verskillende regeringstipes wat in post-koloniale Afrika voorgekom het, het ooreenkomste getoon in die manier waarop die uitvoerende gesag opgetree het om hul magsposisie te verseker. In die eerste plek is mag in Afrika-state na onafhanklikheid gesentraliseer in die uitvoerende gesag. Dit het redelik vinnig plaasgevind, deels weens

die swakheid van instellings in Afrika-state en deels omdat die heersende party baie hoë legitimiteit geniet het direk na onafhanklikheid. Tweedens is die leierskap van die staat gesien as 'n middel tot private ekonomiese mag en rykdom met die gevolg dat openbare ampte en private selfverryking ineengevleg geraak het. Die bestuur van kliëntenetwerke was noodsaaklik vir beide politieke ondersteuning en vir die verkryging van toegang tot hulpbronne of geleenthede vir selfverryking. Verder het die sentralisering van mag die uitvoerende gesag toegelaat om kliëntenetwerke meer effektief te bestuur omdat hulle in 'n posisie was om hulpbronne na hul netwerke te kanaliseer.

1.2.1 Opwaartse verskuiwing van mag na onafhanklikheid

Volgens Ayittey (1998:160) en Thomson (2000:103) was politieke mag in Afrika-state kort na onafhanklikheid gesentraliseer in die uitvoerende gesag oftewel die kabinet en die burokrasie. In meeste state is daar geargumenteer dat die gebrek aan ekonomiese ontwikkeling 'n groter rol vir die staat genoodsaak het. Sentralisering van mag is ook voorgestel as 'n manier om 'nasionale eenheid' te bevorder (wat oënskynlik deur demokrasie bedreig sou word). Die skuif na eenparty- of eenpartydominante state is vergemaklik deur die hoë legitimiteit wat heersende partye direk na onafhanklikheid geniet het. Na onafhanklikheid het opposisiepartye gekrimp, in sommige state is hulle onwettig verklaar en somtyds is hulle gekoöpteer om in die regering te dien. (Clapham, 1996: 56). Aan die ander kant het die heersende party se strukture begin om te stagneer en selfs uit mekaar te val omdat die partye se leiers meestal in regeringsposisies aangestel is (Clapham, 1996:57).

Die beweging van leiers vanaf die heersende party na die regering het gepaard gegaan met die sentralisering van mag in die uitvoerende gesag. Die partyleiers wat die regering oorgeneem het, het politieke mag as't ware saam met hulle geneem en in hul nuwe uitvoerende posisies gesentraliseer. Heersende partye het amper nooit 'n rol of invloed in openbare beleidmaking gehad nie. In plaas daarvan is sodanige partye deur die staat gemanipuleer en ondergeskik gestel aan die staat, of aan die party se voormalige leiers wat hoë posisies in die kabinet of burokrasie beklee het (Thomson, 2000: 106). Daarna is beleidformulering gekonsentreer in die hande van die leier en sy onmiddellike

ondersteuners in die burokrasie en die uitvoerende gesag (Clapham, 1996:58). Wette het minder bindend geraak op lede van die leierskap ('n alliansie van lede van die uitvoerende deel van die regering, senior offisiere in die weermag en die geheime diens, hooggeplaaste lede van die burokrasie en senior amptenare in die regerende party) en hulle ondersteuners. Waar mag en verantwoordbaarheid in liberaal-demokratiese state horisontaal verdeel is, het 'n streng hiërargiese verdeling van mag in Afrika-state ontwikkel (Thomson, 2000: 106).

Leierskappe het die vermoë verkry om te bepaal watter groepe en individue hulle by die politieke proses wou insluit en wie hulle wou ignoreer. Dit het bykans onmoontlik geraak vir opposisiepartye om te organiseer en sulke partye, behalwe in gevalle waar hulle gekoöpteer is om by die regering aan te sluit, het bykans verdwyn. Groepe en individue wat as krities gesien is teenoor die leierskap, is met geweld onderdruk (Clapham, 1996: 59).

1.2.2 Die onderdrukking van opposisie

Ayittey (1992: 202) skryf dat ten spyte van uiteenlopende ideologieë, meeste Afrika-state opposisiegroepe onderdruk het. Die onderdrukking van opposisie kon op verskeie maniere plaasvind. Opposisiepartye kon onwettig verklaar word of gebuk gaan onder wetgewing wat dit baie moeilik gemaak het om te organiseer. Baie nuwe state het ook na onafhanklikheid onderdrukkende wette op die wetboek gehou wat deur die koloniale owerhede gebruik is. Die heersende party kon voorts milisies aanmoedig om sy opponente aan te val en te terroriseer. Verder kon die geheime diens gebruik word om sodanige groepe binne te dring en lede te arresteer (Ayittey, 1998: 174-5). Monya (1997: 168) wys daarop dat baie leierskappe in Afrika spesiale of 'presidensiële' gewapende eenhede gestig het. Hierdie eenhede was gewoonlik lojaal aan die president of aan die leierskap van die regerende party. Sulke eenhede kon funksioneer as aparte organisasies of dit kon deel uitmaak van die weermag, maar was gewoonlik beter opgelei en befonds as die res van die gewapende magte.

In volgende onderafdeling sal geïllustreer word hoe leierskappe hul volgelinge lojaal gehou en ondersteuning verkry het deur die bedryf van kliëntenetwerke.

1.2.3 Kliëntenetwerke

Die stelsel wat hierbo bespreek is, is 'n hoogs verpolitiseerde vorm van regering. In so 'n stelsel waar mag deur die leierskap gemonopoliseer word, is dit vir sulke leierskappe nodig om ondersteuning en legitimititeit te behou van groepe en individue wat hulle as noodsaaklik vir hul magsbehoud gesien het. Gevolglik het die leierskap kliëntenetwerke gestig en bestuur waarvolgens hulle hul ondersteuners materieël kon bevoordeel om loyaliteit te verseker (Clapham, 1996: 58; Thomson, 2000: 111; Ayittey, 1998: 164). Weens die klein struktuur van meeste Afrika-state se ekonomieë, is leierskappe gedwing om op groepe te konsentreer wat vir hulle die belangrikste was. Hierdie groepe was gewoonlik sekere besigheidsbelange, die burokrasie of lede van etniese groeperinge en die gewapende magte (Clapham, 1997: 7). Clapham (in Thomson, 2001: 111) definieer kliëntenetwerke as "'n verhouding tussen ongelykes". Hiervolgens verskaf die beskermheer sekere openbare hulpbronne (soos openbare posisies en die gepaardgaande salarisse), of tasbare hulpbronne (soos paaie en skole) aan hul kliënte. Andersins kan beskermhere ook vryhede aan hul kliënte verskaf soos vrywaring teen arbitrêre geweld of teen vervolging vir oortredings. (Die spesifieke vorm wat kliëntenetwerke aanneem en die wyses waarop hulpbronne aan kliënte beskikbaar gestel kan word, sal later bespreek word.) Op die kliënt se beurt verskaf hy sy ondersteuning en loyaliteit om die beskermheer in sy posisie te hou. Leierskappe was ook bewus daarvan dat hul posisies berus het op hul vermoë om hul kliënte van hulpbronne te voorsien, asook om die verskaffing daarvan op te skort indien dit nodig sou word. Die leierskap se direkte kliënte, veral dié in die burokrasie wat toegang tot staatshulpbronne kon verskaf, het op hul beurt hulle eie kliëntenetwerke gestig. Volgens Thomson (2000: 11-2) het sulke netwerke 'n belangrike rol in Afrika-state gespeel deurdat dit 'n hiërargie en 'n mate van stabiliteit verskaf het aan die werksaamhede van die regering.

Fatton (1992:25; 49) skryf dat kliëntenetwerke toegang tot ekonomiese hulpbronne en politieke status op 'n vertikale wyse georganiseer het deurdat hulpbronne en toegang

daartoe op die leierskap se voorkeure aangewese was. Alhoewel daar 'n mate van wederkerigheid betrokke is, is dit in wese 'n ongelyke verhouding waarbinne die kliënt afhanklik is van die beskermheer. Ten spyte van hierdie ingeboude ongelykheid bind dit alle betrokkenes saam in 'n netwerk van selfverryking tot nadeel van diegene wat daarvan uitgesluit is (Fetton, 1992: 53; Thomson, 2000: 112). Volgens Clapham (1992: 59) is dit 'n stelsel wat op ekonomiese konsumpsie gerig is deurdat die leierskap altyd op soek is na hulpbronne om hulself en hul kliënte te verryk, eerder as wat dit die skep van welvaart aanmoedig.

Die volgende bespreking sal die politieke logika van kliëntenetwerke analiseer, aantoon watter tipe netwerke tot stand gebring kan word en illustreer hoe hulpbronne aan kliënte verskaf kan word.

1.2.4 Die politieke logika van kliëntenetwerke

Die politieke logika in die organisering van kliëntenetwerke en die motivering vir leierskappe om dit te bestuur, lê daarin dat die staat deur Afrika-leierskappe gesien is as 'n politieke middel tot ekonomiese mag. Dit was 'n middel waardeur toegang tot hulpbronne verkry kon word wat omskep kon word in ekonomiese en verdere politieke mag. Beheer van die staat het beteken dat 'n spesifieke groep persone toegang kon verkry tot hulpbronne, hulself so in die dominante groep kon omskep en terselfdertyd enige mededingende groepe van soortgelyke geleenthede kon ontnem en selfs kon onderdruk (Fetton, 1992: 21,25,33). Volgens Ayittey (1996: 173) was politieke mag ineengevleg met die geleentheid om ekonomiese mag te verkry. Die persone wat aan die bo-punt van die piramide van kliëntenetwerke gestaan het - die leierskap - was 'n alliansie van lede van die sentrale uitvoerende gesag, senior offisiere in die gewapende magte, hooggeplaaste lede van die burokrasie en senior amptenare in die regerende party. Lede van hierdie groep se rykdom en persoonlike status was afhanklik van hulle vermoë om die toekenning van staats-hulpbronne te manipuleer (Thomson, 2000: 83-4).

Die bogenoemde konsentrasie van politieke en ekonomiese mag het veroorsaak dat die grense tussen openbare beleidmaking en die private, winsgedrewe sektor vloeibaar

geraak het. In baie gevalle het staatsamptenare in hul eie reg entrepreneurs geword en openbare fondse aan hulself en hul vennote toegeken (Fatton, 1992: 62-3). Staatsamptenare was ook ideaal geplaas in onwettige swartmarkhandel. Poste binne die burokrasie en uitvoerende gesag is gesien as 'n kombinasie van 'n amptelike of openbare posisie en een wat vir entrepreneursaktiwiteite aangewend kon word met die oog op selfverryking. Analitici soos Fatton (1992:64) en Thomson (2000: 90-92) is oortuig dat daar genoegsame rede bestaan om na leierskappe in Afrika te verwys as 'n 'klas' van 'staatsentrepreneurs' wat staatsmag gebruik vir selfverryking. Volgens Fatton (1992:22) verduidelik die wydverspreide opvatting dat die staat 'n politieke middel tot ekonomiese verryking is, hoekom leierskappe in Afrika onverdraagsaam is teenoor groepe (soos politieke partye) wat die regering wil oorneem. Sulke groepe bedreig die leierskap se ekonomiese belange, hul vermoë om te baat uit staatshulpbronne en hul vermoë om staatshulpbronne toe te ken aan die kliënte op wie se ondersteuning hulle vertrou.

Die bostaande bespreking het getoon wat die politieke logika agter die bedryf van kliëntenetwerke deur Afrika-leierskappe was asook watter rol staatsamptenare daarin gehad het. Vervolgens sal die funksionering van sulke netwerke ontleed word.

1.2.5 Hoe funksioneer kliëntenetwerke?

Hierdie bespreking sal eerstens die verskillende tipes kliëntenetwerke identifiseer. Tweedens sal die wyses waarop beskermhere hulpbronne aan hul kliënte beskikbaar kan maak, geïllustreer word. Die argument is dat dit aanvaarde praktyk is vir beskermhere om hul openbare posisies, wat toegang bied tot staatshulpbronne, te gebruik vir selfverryking en vir die verryking van hul kliënte.

Chazan (et al,1992: 178-180) identifiseer vier tipes kliëntenetwerke:

Plaaslik-nasionale kliëntenetwerke: Hiervolgens word prominente plaaslike leiers persoonlike finansiële hulpbronne, openbare ampte of plaaslike infrastruktuurprojekte aangebied om hulle lojaliteit en dié van hulle volgelingen te behou. Hierdie leiers vervul 'n rol as mediereerder tussen die plaaslike gemeenskap en die regering. Dit laat die leierskap

toe om bo-oor plaaslike regeringstrukture (indien enige) direk met die verteenwoordigers van die gemeenskap te werk.

Administratiewe kliëntenetwerke: Hierdie netwerke was veral populêr in die administratief-hegemoniese state wat vroeër bespreek is. Hiervolgens word posisies in die burokrasie gebruik om kliënte te beloon en saam te bind in netwerke met die leierskap. Die status van die kliënt word bepaal deur sy posisie in die proses van beleidformulering en sy verhouding met die hoof van die uitvoerende gesag en sy vennote. Hierdie vorm van kliëntenetwerk is baie hiërargies en kliënte het op hul beurt beskermhere in eie reg geword deur hul eie netwerke te bestuur. Lojaliteit en ondersteuning is gevolglik verskuldig aan diegene wat hoër geplaas is in die rangorde van die kliëntenetwerk. Lede van sulke netwerke is tussengangers wat hoër lede in die hiërargie verteenwoordig by diegene wat laer posisies beklee, en dra nie noodwendig die behoeftes van laer lede van die netwerk op die hart nie.

Solidariteitsnetwerke: Hierdie netwerke word georganiseer op die basis van bande van solidariteit soos 'n gedeelde geloof of etnisiteit tussen die lede. In sulke state hang die sukses van die leierskap af van die goedkeuring van die groep wat dit ondersteun het in bewindsoorname. Gevolglik stel die leierskap hulpbronne aan daardie spesifieke groep beskikbaar om hulle lojaliteit te behou. Sulke netwerke was veral prominent in state soos Rwanda, waar etnisiteit 'n belangrike rol in die gemeenskap gespeel het.

Kliëntenetwerke van assosiasie: Hierdie tipe netwerke was prominent in populistiese regerings waar die nuwe leierskap die kliëntenetwerksisteem amptelik aangeval het, maar dit in werklikheid nie wou beveg nie. Sogenaamde 'populêre' instansies wat gestig is om toesig te hou oor instellings wat as korrup beskou is, het nuwe sentrums van kliëntenetwerke geword. Ghana onder Jerry Rawlings het uitgestaan as 'n voorbeeld van 'n staat waarin sulke netwerke bestuur is.

Individu-gesentreerde kliëntenetwerke: Sulke netwerke het voorgekom in state soos Idi Amin se Uganda, waar sentrale beheer meestal verval, of onttrek het uit groot dele van die openbare lewe. Gevolglik het burgers hulself gekoppel aan plaaslike beskermhere om veiligheid aan hulle te verskaf.

Ayittey (1998: 164-5) skryf dat leierskappe spesifieke metodes ontwikkel het waarvolgens hulle kliënte beloon kon word en toegang kon verkry tot openbare hulpbronne.

Geleenthede in die burokrasie: Die burokrasie kon deur leierskappe gebruik word as 'n bron van toegang tot hulpbronne vir hulself en hul ondersteuners. Die ondersteuners kon op hulle beurt beskermhere raak in eie reg en ook geleenthede aan hulle kliënte en soortgelyke toegang bied. Ondersteuners kon in poste in die burokrasie aangestel word om hulle lojaliteit te waarborg. Verder kon dit ook as 'n middel dien waarmee lae kosteleninge, behuising, staatskontrakte en ander voordele aan kliënte verskaf kon word.

Verhogings vir die gewapende magte: As 'n groep wat potensieel 'n onmiddellike bedreiging vir die leierskap ingehou het weens hul organisasie en toegang tot wapens, is soldate en veral senior offisiere gereeld salarisverhogings aangebied. Verder het hulle ook ander voordele ontvang soos behuising en gereelde bevorderings.

Geleenthede tot onwettige handel: Kliënte is ook toegelaat om onwettige wins uit openbare ampte te verdien. Dit sluit in die vra, en aanvaarding van, omkoopgeld, asook diefstal van staatseiendom en die verduistering van openbare fondse.

Toegang tot openbare hulpbronne: Beskermhere kan ook aan hulle kliënte voorkeurtogang bied tot hulpbronne wat deur staatsregulasies of wetgewing beheer word. Dit sluit in- en uitvoerlisensies en toegang tot buitelandse valuta in. Clapham (1996:58-9) voeg by dat kliënte ook vrywaring teen vervolging kon ontvang indien hulle openbare regulasies oortree het.

Die voorafgaande bespreking het geargumenteer dat kliëntenetwerke bestuur word volgens 'n sekere politieke logika. Vervolgens sal kliëntenetwerke in die konteks van korrupsie en kriminele aktiwiteite geplaas word.

1.3 Kliëntenetwerke en die kriminalisering van die staat

Hierdie bespreking sal aantoon dat die praktyke wat reeds met die bestuur van kliëntenetwerke geassosieer is, as korrupsie beskryf kan word. Daarna sal dit toon dat staatsampnare by tye staatstrukture kan gebruik om kriminele aktiwiteite te inisieer vir

eie gewin en so die staat in wese kriminaliseer. Daar sal ook geargumenteer word dat sodanige aktiwiteite selfs tot buite die grense van 'n gegewe staat kan strek.

Joseph Nye (in Williams, 1987: 16) definieer korrupsie as gedrag wat 'afwyk van die formele pligte van 'n openbare posisie weens private (persoonlike, familie- of groep) finansiële of statusvoordele; of gedrag wat die reëls oortree aangaande die uitoefening van sekere tipes invloed'. By hierdie gedrag sluit hy in omkoperie (die gebruik van vergoeding om die oordeel van 'n persoon in 'n vertrouensposisie te verander), nepotisme (om aanstellings te maak om ander redes as meriete) en die wanbesteding van openbare fondse vir private doeleindes. Brooks (in Heidenheimer, 1970: 58) skryf dat korrupsie die doelbewuste versuim of afskeep van 'n erkende plig, of die onbehoorlike gebruik van mag is. Die dryfveer agter sulke gedrag is persoonlike gewin.

Bogenoemde twee definisies verwys na wat Kpundeh (1995: 89) 'individuele' korrupsie noem. Terwyl die bestuur van, en deelname in kliëntennetwerke ongetwyfeld gevalle van individuele korrupsie insluit, is 'n breër definisie nodig om dit te omskryf. Volgens Kpundeh (1995: 88-90) kan omskrywings van korrupsie in drie tipes verdeel word: Die eerste is persoonlike omskrywings. Hiervolgens is korrupsie te wyte aan die persoonlike en morele tekortkominge van dié wat hulself daaraan skuldig maak. Die volgende kategorie is dié van institusionele verklarings. Korrupsie wat binne 'n institusionele verband plaasvind, word met gebrekkige bestuursmetodes soos ondoeltreffende ouditpraktyke, swak interne kommunikasie of swak gedefinieerde lyne van gesag verbind. Volgens sulke omskrywings vind korrupsie in instellings plaas wanneer 'n patroon van private wins (in goedere of finansiële) onder die werknemers begin posvat (Kpundeh, 1995: 93-4). Die laaste kategorie is dié van sistemiese korrupsie. Sulke omskrywings konsentreer op die interaksie tussen die staat en die publiek. Korrupsie word gesien as 'n vorm van invloed binne die politieke stelsel, eerder as gebrek aan die kant van individue of instellings. 'n Hiërargie bestaande uit persone wat saamgebind word deur gemeenskaplike selfverryking ten koste van die staat, soos wat onder kliëntennetwerke bespreek is, word die beste omskryf deur sistemiese korrupsie. Gordon (in Kpundeh, 1995: 96) beskryf dit as 'n situasie waar 'oortreding die norm

geword het en waar die standaard van aanvaarbare gedrag om organisatoriese doelwitte te bereik, geskoei op idees van openbare verantwoordelikheid en vertrou, die uitsondering op die reël geword het'. In so 'n situasie word korrupsie tot so 'n mate gereguleer en geïnstusionaliseer dat diegene wat hulself daarteen verset, gestraf word.

In die vorige bespreking is genoem dat kliëntenetwerke tot die ontwikkeling van 'n nuwe staatsentreprenur aanleiding gegee het wat openbare ampte en die politieke status wat daaraan gekoppel is, gebruik om private rykdom te bekom. Die gebruik van openbare fondse vir private doeleindes is hierby ingesluit. Daar is ook aangetoon dat die sentralisering van mag onder andere daartoe aanleiding gegee het dat wetstoepassing op lede van die leierskap wisselvallig geraak het. Verder is die politieke logika agter die stig en bestuur van kliëntenetwerke ook verduidelik. Hieronder is die verbloeming van die skeidslyn tussen openbare en private belange ook aangetoon. Die sistemiese aard van korrupsie wat kliëntenetwerke aangemoedig het, kon veroorsaak dat staatsamptenare in kriminele aktiwiteite betrokke raak as deel van hul pogings om poste in die staatsdiens te gebruik vir persoonlike gewin.

1.3.1 Die 'aasvoëlstaat'

Reno (1998: 159-160) skryf dat Mobutu Sese Seko, die president van eertydse Zaire (vandag die DRK), se kliëntenetwerke waarin staatsamptenare en senior offisiere in die weermag betrokke was, deelgeneem het aan onwettige diamanthandel. Volgens Williams & Brooks (1999: 90-91) is Afrika-state besonder vatbaar vir indringing deur georganiseerde misdaad. Die rede hiervoor is dat verantwoordbaarheid van amptenare en instellings geneutraliseer word deur die funksionering van kliëntenetwerke en omdat die neem van belangrike ekonomiese en politieke besluite in die hande van 'n relatief klein groepie mense gekonsentreer is. Die atmosfeer van korrupsie wat gekweek word deur leierskappe se voortdurende soeke na hulpbronne om hulself en lede van hul kliëntenetwerke te verryk, kan aanleiding gee tot 'n bondgenootskap met internasionale kriminele netwerke wat op soek is na 'n veilige afspringplek. Williams & Brooks (1999:82-3) waarsku dat bestaande netwerke van korrupsie, in die vorm van kliëntenetwerke, die kriminele indringing van die staat baie makliker maak.

Williams & Brooks (1999: 92-85) identifiseer drie maniere waarop internasionale georganiseerde misdaad tans besig is om Afrika-state binne te dring. In die eerste geval word die staat deur internasionale kriminele netwerke geteiken met die doel om dit te 'buit'. In sulke state word wetstoepassingsorganisasies deur kriminele netwerke omgekoop of gekoöpteer om sodanige netwerke die vryheid te verskaf om te funksioneer. Hierdie tipe koöptering kan ook lede van die regsbank en staatsamptenare insluit en is reeds 'n verskynsel in Suid-Amerika. Die tweede metode waarvolgens internasionale kriminele netwerke die staat kan binnedring, speel af in 'betwiste' state. In hierdie state het die sentrale regering se beheer oor die staat se grondgebied verval en groot dele van die staat word deur krygshere regeer. Krygshere span op hulle beurt internasionale kriminele netwerke in om hulle aktiwiteite te finansier. 'n Goeie voorbeeld was die Angolese rebellebeweging UNITA se betrokkenheid in onwettige diamanthandel. Die derde metode is dié van die kriminele staat, wat Zimbabwe se betrokkenheid in die DRK omskryf. In hierdie geval raak staatsamptenare en lede van die eierskap self betrokke in die beplanning, organisering en uitvoering van kriminele aktiwiteite met persoonlike verryking as die doel. Staatsinstellings kan ook gebruik word om hierdie aktiwiteite uit te voer. Terwyl die staat aan die een kant steeds besig is om sy pligte en verantwoordelikhede in die internasionale sisteem na te kom, is dit aan die ander kant by kriminele aktiwiteite betrokke. Dit sluit ook gevalle in waar staatsamptenare hul posisies gebruik om die staat se koffers te plunder, soos die vorige militêre leier van Nigerië, genl. Sani Abacha wat meer as Britse £3,6m en VSA \$750m van Nigeriese staatsfondse in private bankrekeninge oorgeplaas het. Verder is daar ook berig dat die Nigeriese geheime diens diplomatieke sakke (wat volgens internasionale konvensies nie deursoek mag word nie) gebruik het vir dwelmsmokkelary. Dieselfde geheime diens het later mededingende dwelmnetwerke se lede in Nigerië gearresteer.

Die argument is dat Williams & Brooks (1999:84-5) se 'kriminele state' hulle kriminele aktiwiteite na buite die grense van die gegewe staat kan uitbrei en ander state se hulpbronne kan plunder. In sulke gevalle word staatsinstellings soos die weermag of staatskorporasies gebruik om die persoonlike ekonomiese ambisies van die

‘staatsentrepreneurs’ wat dit bestuur, te verwesenlik. Kliëntennetwerke wat reeds in ‘n staat funksioneer kan so uitbrei om ‘n ander staat se hulpbronne te plunder deur staatsinstellings te gebruik. Daar sal na sulke state as ‘aasvoëlstate’ verwys word en geargumenteer word dat Zimbabwe se bedrywighede in die DRK hom laat kwalifiseer vir hierdie kategorie.

Die regeringvorm wat hierbo beskryf is, is ook ‘n gewelddadige een. Nadat mag gesentraliseer is in die hande van die uitvoerende gesag, is groepe wat deur die leierskap as ‘n moontlike bedreiging gesien is, met geweld onderdruk. ‘n Moontlike rede hiervoor is dat ‘n regeringsverandering sou beteken dat die leierskap nie net hul posisies sou verloor nie, maar ook hul toegang tot staats hulpbronne

In die volgende deel sal daar geargumenteer word dat die bostaande scenario van toepassing is op die ZANU PF-regering in die Republiek van Zimbabwe. Die bespreking sal in twee dele verdeel word. Eerstens sal getoon word dat mag in Zimbabwe na onafhanklikheid gesentraliseer is in die uitvoerende gesag en dat die ZANU PF-regering ‘n geskiedenis het van sistemiese geweld teen ondersteuners van opposisiepartye. Tweedens sal die leierskap se kliëntennetwerke ondersoek word. Die bespreking sal kliëntennetwerke van die leierskap binne Zimbabwe analiseer en argumenteer dat senior lede van die regerende party, ZANU PF, senior offisiere binne die weermag en polisie, hooggeplaaste lede van die burokrasie, die uitvoerende gesag en selfs by geleentheid lede van die regsbank, deel vorm van ‘n kliëntennetwerk wat ekonomies baat by ZANU PF se magsbehoud. Daarna sal daar gewys word dat die bogenoemde individue hulle amptelike posisies gebruik vir private ekonomiese gewin beide binne Zimbabwe en in daardie land se werksaamhede in die DRK, waar hulle plaaslike vennote het. Die argument is dat die Zimbabwiese leierskap se besigheidbelange in die DRK ‘n geval verteenwoordig waar staatsamptenare staatstrukture gebruik om in ‘n naburige staat in te meng en so hulself en hul kliënte te verryk deur die hulpbronne van daardie staat te plunder. Weens sulke aktiwiteite sal Zimbabwe as ‘n aasvoëlstaat beskryf word.

Deel Twee: Zimbabwe en geweld

In 1965 het die eerste minister van Rhodesië (soos die staat toe genoem was) 'n eensydige verklaring van onafhanklikheid uitgereik waarin die land sy bande met Brittanje verbreek het. Sanksies en 'n guerilla-oorlog het gevolg. Die twee grootste partye wat teen die Rhodesiese regering geveg het, was die Zimbabwean African National Union (Patriotic Front) (ZANU (PF)) onder leiding van Robert Mugabe en die Zimbabwe African People's Union (ZAPU) onder leiding van Joshua Nkomo. In 1979 het grondwetlike onderhandelinge tussen alle partye by Lancasterhuis in Brittanje plaasgevind. Die gevolg was dat die land in 1980 na 'n algemene verkiesing onafhanklikheid verkry het onder die naam Zimbabwe. In die verkiesing het ZANU (PF) 57 van die 80 setels gewen wat vir swart kiesers beskikbaar was. Twintig setels is vir blankes gereserveer, maar in 1987 verval. ZAPU het 20 setels, meestal in Matabeleland, gewen. Die United African Council het vyf setels verower. Die nuwe regering is aan die begin van 1980 ingehuldig met Robert Mugabe as eerste minister en eerw. Canaan Banana as president (Astrow, 1983: 158-9; Breytenbach, 2000: 269).

Hierdie bespreking sal toon dat politieke mag in Zimbabwe na onafhanklikheid in die hande van die uitvoerende gesag gesentraliseer is en die ZANU PF-regering se geskiedenis van geweld sal ontleed word (Na 1987 sou die naam ZANU (PF) na ZANU PF verander). Daar sal eerstens geïllustreer word dat die ZANU PF-regering tydens elke verkiesing sedert 1985 geweld teen opposisiegroepe gebruik het. Daarna sal daar getoon word dat geweld teen lede van die opposisie en kommersiële boere gedurende die periode van 2000 tot 2002 deur lede van die uitvoerende gesag en senior weermagoffisiere beplan is. Die plegers van geweld het ook vanaf die vroeë 1980's tot in 2000 herhaaldelik vrywaring teen vervolging ontvang deur 'n kombinasie van amnesties en presidensiële kwytskeldings. Dit moet egter genoem word dat die ondersteuners van opposisiepartye in Zimbabwe ook by tye hulleself skuldig gemaak het aan geweld. Tweedens sal getoon word dat president Mugabe, ander lede van die uitvoerende gesag en senior staatsamptenare herhaaldelik geweld teen opposisiegroepe aangemoedig het. Die argument is dat sulke uitsprake die indruk skep dat geweld teen opposisiegroepe

amptelike goedkeuring geniet. Laastens sal daar gewys word dat 'n kombinasie van wette dit bykans onmoontlik maak om die regering in Zimbabwe te kritiseer.

2.1. Sentralisering van mag in Zimbabwe

In die eerste dekade na onafhanklikheid is politieke mag stelselmatig gesentraliseer in die hande van die uitvoerende gesag. In Desember 1987 het ZAPU en ZANU (PF) 'n eenheidsakkoord gesluit. Die nuwe party sou as ZANU PF bekend staan. Die ZANU (PF)-regering se veldtog van geweld in Matabeland, die middelpunt van ZAPU-ondersteuning, sal later bespreek word. Dit is egter billik om te argumenteer dat nadat tussen 10 000 en 20 000 Matabeles in 'n vyf-jaar-periode gedood is, ZAPU gekoöpteer is (<http://www.state.gov/g/rls/hrrpt/2001/841.htm>). Na die eenheidsakkoord van 1987 het die land na 'n presidensiële stelsel oorgeslaan waarin Robert Mugabe die hoof van die staat, regering en weermag was. Verder het hy die mag ontvang om die parlement te ontbind, noodtoestande af te kondig en het ook beheer uitgeoefen oor senior aanstellings in die staatsdiens, weermag en staatskorporasies (Sochikonye, 1991: 45; Meredith, 2002: 79-80; Breytenbach, 2000: 268).

In 1990 kon Herbst (1990: 239-40) op grond van 'n reeks gevallestudies oor beleidformulering in Zimbabwe skryf dat lede van die parlement se vermoë om amptelike beleid te bevraagteken of verander baie beperk was. Terselfdertyd het die magte en verantwoordelikhede van die uitvoerende gesag, luidens Herbst, dramaties in die 1980's toegeneem. Besluite oor byvoorbeeld minimumlone, buitelandse investering en gesondheidsorg, wat alles voorheen deur die burokrasie hanteer is, is opgeskuif na ministeriële vlak. Ministeriële verantwoordelikhede het op hulle beurt opgeskuif na die kabinet toe, waar dit bespreek moes word. Gevolglik, skryf Herbst (1990: 239-40; 258), het die spoed van waarteen beleid neergelê is, afgeneem weens die kabinet se hoë werkslading. Makamura (1991: 110) meen dat die parlement nie die regering tot verantwoording kon roep nie. Parlementslede van ZANU PF se politieke loopbane het afgehang van die goedkeuring van die uitvoerende gesag en die partyleierskap. Herbst (1990:79), Makamura (1991:110) en Meredith (2002:79-80) bevestig dat parlementariërs van die regerende party onder groot druk was om beleid, soos dit deur die uitvoerende

gesag neergelê is, goed te keur en dat sodanige goedkeuring gesien is as 'n metode om politieke opgang te maak.

Die grootte van die staatsdiens het toegeneem vanaf omtrent 49 000 personeellede in 1979 tot bykans 86 000 in 1984 (Gann, 1986: 179). In 1996 het Mugabe die aantal ministers in sy kabinet met twee vermeerder tot 28. Saam met adjunkministers het dit die aantal individue met ministeriële status op 54 te staan gebring. Zimbabwe het gevolglik 'n groter kabinet as dié van die VSA en Frankryk gehad (Ayittey, 1998: 169-70). Alhoewel die staat 'n Public Service Commission gehad het wat verantwoordelik was vir plasing van individue in staatsdiensposte, was die liggaam se invloed in praktyk beperk. Volgens beide Weiss (1994:140) en Makumbe (1991: 103) is aanstellings in senior poste in die staatsdiens en staatskorporasies gemaak op politieke gronde.

Die heersende party se strukture het ook mag gesentraliseer in die hande van die partyleierskap. Mugabe is in 1984 by 'n kongres van die regerende party weer aanvaar as hoof van die party, en ook as hoof aangewys van 'n nuwe 15 lid-politburo (die party se hoogste besluitnemingsinstelling) waarvan hy al die lede kon aanwys (Sochikonye, 1991: 45; Meredith, 2002: 79-80). In beide die 1990- en 2000-verkiesings is kandidate wat nie die politburo se goedkeuring weggedra het nie, se verkiesing in die primêre partyverkiesings nietig verklaar, ten gunste van kandidate wat die verkiesing verloor het, maar wat deur die politburo ondersteun is. In die 2000-verkiesing was veral jong, kritiese lede van die party slagoffers van sulke nietigverklarings (Makumbe, 1991:180-1; <http://www.hsf.org focus 8/Zanufocus18.htm>).

Deel van die sentralisering van mag in Zimbabwe was die staat se groot rol in die mediabedryf. In Augustus 1980 is daar afgekondig dat die staat die South African Press Association se bedrywighede in Zimbabwe sou uitkoop. Die nuwe agentskap sou bekend staan as die Zimbabwean Inter Africa News Agency (ZIANA). Daarna het die staat die Suid-Afrikaanse Argus-groep se 45,24% belang in sy Zimbabwiese filiaal, die Zimbabwe Printing & Publishing Co. uitgekoop in 'n transaksie wat deur die Nigeriese regering onderskryf is. Die staatsbeheerde agentskap sou as die Zimbabwiese 'Mass Media Trust'

(MMT) bekend staan. Vroeg in 1981 is die oorblywende wit redakteurs van The Herald, The Chronicle en die Sunday Mail ontslaan. In 1982 is valutakonsessies vir die invoering van joernale uit die VSA, Australië en Brittanje met 50% gesny en 'n totale verbod geplaas op die invoer van koerante of tydskrifte vanaf Suid-Afrika. Koerante wat deur die MMT beheer is, is gekenmerk deur sterk ondersteuning vir die regerende party. Tot so laat as 1996 het die staat sowat 90% van die land se drukmedia beheer (Stiff, 2000: 264-66; WeeklyMail& Guardian, 20 Desember 1996; (<http://www.state.gov/g/drl/rls/hrrpt /2001/af /8411.htm>)).

Die volgende bespreking sal illustreer dat die opposisiepartye en -groepe aan geweld blootgestel is wat dit moeilik vir hulle gemaak het om te organiseer of om aan verkiesings deel te neem. Daar sal gewys word dat die geweld wat in die 2000 – 2002 -periode in die land losgebars het, nie 'n eenmalige insident was nie, maar eerder deel gevorm het van 'n patroon wat in die 1980's ontstaan het in die *Gukurahundi*.

2.2.1 Die Gukurahundi

Na die afloop van die 1980-verkiesing het Robert Mugabe vir Joshua Nkomo, die leier van ZAPU, die amp van minister van binnelandse sake aangebied. Na verskeie botsings tussen ZAPU en ZANU (PF) se onderskeie gewapende vleuels tydens die proses waarby gewapende magte geïntegreer sou word, het Mugabe vir Nkomo en sy kollegas uit die kabinet ontslaan. ZAPU-wapenopslagplekke is in Matabeleland gevind (Astrow, 1983: 170). Lede van ZAPU se gewapende vleuel het ook die weermag begin verlaat en aanvalle op burgerlikes geloods. In reaksie hierop het die regering op 26 Februarie 1982 die Noord-Koreaans-opgeleide Vyfde Brigade in Matabeleland ontplooi. Die Vyfde Brigade is aangevoer deur kol. Perence Shiri. Volgens die Helen Suzman-stigting (http://www.hsf.org.za/focus18/farm_focus.htm) is Shiri 'n skuilnaam. Sy regte van is Chikerema, hy is Mugabe se neef, afkomstig van dieselfde streek (Zvimba) as Mugabe en is ook 'n lid van Mugabe se Zezuru-stam ('n Shona-groepering). Die argument is dat die Vyfde Brigade 'n spesiale eenheid was, wat besonder lojaal aan ZANU (PF) en Mugabe was. Dit was ook die enigste groep in die Zimbabwiese weermag wat deur Noord-Koreaanse instrukteurs opgelei is. In Julie 1982 is die Indemnity Compensation Bill

heringestel. Dit was 'n Rhodesiese wet wat soldate kwytgskeld het van vervolging deur die owerhede (Weekly Mail&Guardian 2 Mei, 1997).

Volgens 'n verslag wat deur die Katolieke Kommissie vir Geregtigheid en Vrede in 1997 vrygestel is, was die Vyfde Brigade berug vir hulle brutaliteit teenoor burgerlikes. Daar was beraam dat omtrent 2 000 mense dood is in die eerste week van die eenheid se ontplooiing in Matabeleland (<http://www.mg.co.za/mag/zim/zimchronic.html>). Soos vroeër genoem, het ZANU (PF) en ZAPU in Desember 1987 'n eenheidsakkoord gesluit waarna die geweld in Matabeleland tot 'n einde gekom het. Volgens die 2001-menseregteverslag van die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake is daar tussen 10 000 en 20 000 Matabeles vermoor tussen 1982 en 1985 (<http://www.state.gov/g/rls/hrrpt/2001/841.htm>).

In April 1988 is 'n amnestie afgekondig en ZAPU se soldate is van hulle wandade kwytgskeld, 122 het hulself by polisiestasies oorgegee. Later daardie maand is die amnestie uitgebrei na lede van die veiligheidsmagte. Kol. Shiri en sy soldate sal dus nooit vervolgt word vir hulle wandade in Matabeleland nie (<http://www.mg.co.za/mag/zim/zimchronic.html>).

Die volgende bespreking sal fokus op geweld teen opposisie-groepe en hul ondersteuners in die 1985-, 1990- en 1995-verkiesings asook tydens die 2000–2002-periode waartydens daar 'n referendum en parlementêre en presidensiële verkiesings plaasgevind het

2.2.2 Die 1985-verkiesing

Zimbabwe se tweede verkiesing is in 1985 gehou. Reeds in November 1984 het ZANU (PF)-ondersteuners met aanvalle op ondersteuners van ander partye en die vernietiging van hulle eiendom begin. In die begin van 1985 het geweld landswyd uitgebreek. Na beraming is sowat 2 000 mense uit hulle wonings verdryf (<http://www.mg.co.za/mag/zim/zimchronic.html>). Etlke dae voor die verkiesing het die geheime diens, die 'Central Intelligence Organisation' (CIO), omtrent 400 ZAPU ampsdraers en plaaslike raadslede in Matabeleland ontvoer. Die Katolieke Kommissie vir Vrede en Geregtigheid het daarna

25 opgespoor in 'n tronk in Kwekwe, waar hulle deur die CIO aangehou is. Behalwe vir die 25 is die lot van die ander ontvoerde persone onseker (Meredith, 2002: 77).

In wat later bekend geword het as die 'dae van mallingheid', het ZANU (PF)-ondersteuners na die verkiesing 'n veldtog van geweld van stapel gestuur teen die ondersteuners van opposisiegroepe. Gebiede wat geraak is deur die geweld het Bindura, Kwekwe, Laer Gwero, Zhembe, Ntimbo en die kommunale gebied buite Harare ingesluit. Opposisie-ondersteuners is aangeval en hul huise afgebrand. Lede van ZANU (PF) se vroueliga en jeugvleuel was veral prominent in hierdie veldtog (Ncube, 1991: 165-6; Sylvester, 1991:81).

2.2.3 Die 1990-verkiesing

Verkiesingsgeweld in 1990 was nie so erg soos in 1985 nie. Die 1987-
 eenheidsooreenkoms tussen ZANU (PF) en ZAPU het beteken dat die nuwe ZANU PF die enkele grootste party was. Die opposisie was die nuutgevormde Zimbabwe Unity Movement (ZUM) wat gelei is deur 'n voormalige vriend van Mugabe, Edgar Tekere. ZUM se nasionale organiseringsekretaris, Patrick Kombayi en die verkiesingsdirekteur, Jerry Nyombe, is enkele dae voor die verkiesing geskiet. 'n Offisier van die CIO en 'n leier van ZANU PF se jeugvleuel is gearresteer en skuldig bevind aan poging tot moord. Ure na die hooggeregshof hulle appél van die hand gewys het, het Mugabe die twee met 'n presidensiële kwytskelding bevry (Meredith, 2002: 92-3). Na die verkiesing is drie ondersteuners van die opposisie vermoor. Verskeie jeugdige is gearresteer en het ook later 'n presidensiële kwytskelding van Mugabe ontvang (Makumbe, 1991: 184; Matumbara, 1991: 150). ZANU PF het 117 van die 120 setels in die parlement gewen (Breytenbach, 2000: 269).

2.2.4 Die 1995-verkiesing

In die 1995-verkiesing het die gevalle van aangemelde geweld afgeneem en die polisie het stappe geneem om geweld, waar dit uitbreek het, stop te sit. Mense in landelike gebiede is egter gedreig dat hulle droogtehulp opgeskort sou word indien hulle nie vir ZANU PF stem nie. Inwoners in Kwekwe is gedreig met die herontplooiing van die

Vyfde Brigade as hulle nie hul stem vir ZANU PF sou uitbring nie (http://www.usis.usemb.se/_human_/human96/zimbabwe.htm). Na die verkiesing het sowat 200 jeugdige ondersteuners van ZANU PF voor die woning van Margaret Dongo in die Harare-voorstad Sunninghill saamgedrom. Sy was 'n onafhanklike lid van die parlement en 'n voormalige parlementariër vir ZANU PF. Haar ondersteuners is aangeval en hulle eiendom vernietig (Stiff, 2000: 251).

2.2.5 *Geweld 2000–2002*

In Maart 2000 het die land 'n referendum gehou waarvolgens burgers kon kies om 'n nuwe grondwet te aanvaar soos dit uiteengesit is deur die Grondwetlike Kommissie. In wat vertolk is as 'n verwerping van Mugabe se presidensie, het 55% van die bevolking wat opgedaag het om te stem, teen die nuwe grondwet gestem. In die daaropvolgende parlementêre verkiesing in Junie, het ZANU PF 92 setels verower teenoor die ontluikende 'Movement for Democratic Change' (MDC) (onder leiding van Morgan Tsvangirai) se 42 (Weekly Mail&Guardian, 30 Junie 2000). In die presidensiële verkiesing wat op 9 -10 Maart 2002 gehou is, het Mugabe 56% van die stemme verower teenoor Tsvangirai se 42% (http://www.news24.com/News24/zimbabwe/0,1113,2-259_1166992.co.html).

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Beide die referendum en die twee verkiesings het afgespeel teen die agtergrond van 'n vlaag geweld wat gerig was teen MDC ondersteuners (<http://www.state.gov/g/drl/rls/hrrpt/2001/af/8411.htm>; Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 4). Daar sal geargumenteer word dat senior lede van ZANU PF, lede van die uitvoerende gesag asook senior offisiere in die weermag en CIO die geweld beplan en koördineer het. In die uitvoering van die geweld het hulle hoofsaaklik gebruik gemaak van twee organisasies wat nie direk met die staat verbind kon word nie, naamlik die 'Zimbabwean National War Veterans Association' (ZNVVA) en die jeugvleuel van ZANU PF.

2.2.5.1 *Wie was verantwoordelik vir geweld gedurende 2000–2002?*

2.2.5.2 *Die oorlogsveterane*

Volgens 'n organisasie in Zimbabwe wat homself beywer vir menseregte, die 'Zimbabwe Human Rights Forum' (ZHRF), was lede van die ZNWVA verantwoordelik vir die oorgrote meerderheid van menseregteskendings in 2000 (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:7). Volgens die Amerikaanse Departement van Buitelande Sake het die 'oorlogsveterane' 'n sleutelrol gespeel in regeringsgoedgekeurde geweld teenoor ondersteuners van die MDC en persone wat as opposisie beskou is deur die ZANU PF-regering (<http://www.state.gov/g/drl/rls/hrrpt/2001/af/8411.htm>). Die ZHRF skryf ook dat hulle prominent was in aanvalle op ondersteuners van die MDC in die eerste vier maande van 2002 (Zimbabwe Human Rights Forum, 2002: 4-6).

Die ZNWVA het in 1997 bekendheid verwerf toe dit die regering gedwing het om 'n uitbetaling van VSA \$350m (Z \$4 miljard) te maak as kompensasie vir hulle deelname in die guerilla-oorlog in die 1970's. Tot en met sy dood aan serebrale malaria in laat 2001, is die ZNWVA gelei deur Chenjerai Hunzvi. Na sy dood het sy adjunk, 'n voormalige munisipale polisieman, Joseph Chinotimbo, 'n prominente figuur onder die 'veterane' gebly (Breytenbach, 2000:267). Volgens Stiff (2000: 327-5) het Mugabe etlike dae na die referendum 'n vergadering met sy neef, Perence Shiri, gehad. Shiri, wat die Vyfde Brigade in die 1980's aangevoer het, is intussen bevorder tot lugmaarskalk en Hoof van die Lugmag. Tydens hierdie vergadering is die besetting van blanke plase bespreek. 'n Verdere vergadering met die kabinet het gevolg waar die besettings in diepte beplan is. Die logistiek vir die program sou beheer word deur die Zimbabweese weermag en die CIO. Die eerste tekens dat grondeienaarskap 'n belangrike kwessie sou word in die Junie 2000-verkiesing, het in 1999 na vore gekom. 'n Onafhanklike koerant, die Zimbabwe Independent, het in daardie jaar 'n dokument onthul wat deur Dieter Nerf, 'n Suid-Afrikaanse politieke konsultant, opgestel is. Nerf het voor 1999 vir die Inkatha Vryheidsparty in Suid-Afrika gewerk. Die dokument het aanbeveel dat grondeienaarskap 'n sentrale rol moes kry in ZANU PF se 2000-verkiesingsveldtog en dat 'onkonvensionele' en 'onortodokse' metodes daarvoor gebruik moes word. Die metodes is egter nie in die dokument uiteengesit nie. Nerf het later op die Amerikaanse

kortgolfstasie, Voice of America, die oorspronklikheid van die dokument bevestig en beweer dat hy sy bande met ZANU PF verbreek het weens 'n uitstaande bedrag van VSA \$490 000 wat die party hom verskuldig was (Stiff, 2000: 327).

Die eerste plaasbesettings het in Februarie 2000 begin. Beide die ZHRF (2001:6) en die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake se 2000 en 2001-menseregteverslae (<http://www.gov/g/dl/rls/2000/af/852.htm>; http://www.state.gov/g/drl/rls/_hrrpt_/2001/af/8411.htm) bevestig dat die 'oorlogsveterane' volop staatsondersteuning geniet het. Hulle is met staatsvoertuie vervoer en het voedselbesendings ontvang. CIO- en weermagoffisiere het hulle bewegings gekoördineer. Teen die einde van 2001 was omtrent 1 250 van ongeveer 4 000 kommersiële plase wat deur blanke boere besit is, beset.

Die ZHRF skryf dat meeste van die 'oorlogsveterane' in werklikheid ver te jonk was om in die guerilla-oorlog van die 1970's deel te geneem het en dat die oorgrote meerderheid in werklikheid werklose stedelike jong mans was. Verder skat die Helen Suzman-stigting (<http://www.hsf.org.za/focus18/farmfocus18.html>) dat daar nooit meer as sowat 7 000 'oorlogsveterane' was nie. Hiervan was sowat 1 500 ware veterane, meestal oudlede van Vyfde Brigade wat deur Perence Shiri, die meesterbrein agter die besettings, uit die weermag gehaal is om die besettings te lei. Later in 2000 het Mugabe 'n skenking van VSA \$500 000 aan die ZNWVA gemaak wat vermoedelik gebruik is om die besettings te finansier (Rotberg, 2000:31).

Die 'oorlogsveterane' het bekend geword vir aanvalle op persone of groepe wat deur die ZANU PF-regering as opposisie gesien is. Dit sluit blanke boere, plaaswerkers en mense in stedelike gebiede in wat daarvan verdink is dat hulle die MDC ondersteun het. Verder het hulle ook op 10 November 2000 die Zimbabwiese Hooggeregshof binnegeval en andersins regters geïntimideer wat moes beslis oor kiesafdelings waar ZANU PF-meerderhede in die Junie 2000-parlementêre verkiesing deur die MDC betwis is. In April 2001 het hulle aanvalle op besighede (insluitend 'n hospitaal, 'n weeshuis en 'n ouetehuis) geloods en eiendom vernietig. (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:14-15; <http://www.gov/g/dl/rls/2000/af/852.htm>).

Die bostaande bespreking het getoon dat die plaasbesettings deur lede van die uitvoerende gesag en senior weermagoffisiere beplan is. Die koördinering van die besettings is deur die weermag en geheime diens behartig. Verder het die veterane ook aanvalle geloods op persone of groepe wat deur die ZANU PF-regering as opposisie gesien is. Dit is dus geregverdig om die ‘veterane’ as ‘n milisie te beskryf wat, alhoewel dit nie amptelik met die staat verbind kan word nie, steeds die leierskap se wense uitgevoer het. Die volgende bespreking sal illustreer dat dieselfde ZANU PF se jeugvleuel geld.

2.2.5.3 Die ZANU PF-jeugvleuel

Volgens die ZHRF (2001: 18) lei oorlogsveterane op hulle beurt jeugdige milisies op om groepe of mense wat daarvan verdink word dat hulle opposisiepartyte steun, aan te val of te martel. Die organisasie skryf verder dat lede van ZANU PF se jeugvleuel die oorgrote meerderheid vorm van sulke milisies. Gedurende 2000 en 2001 was lede van die ZANU PF-jeugvleuel gereeld geïdentifiseer as deelnemers in plaasbesettings en aanvalle op ondersteuners van die opposisie (US News&World Report, 2000 5 Augustus, New Statesman, 2001, 9 Maart). In Mei 2000 het inligting aangaande ‘Operasie Tsuru’ aan die lig gekom. Hiervolgens is jong mans opgelei by die weermag se King George VI-kasernes buite Harare. Na sewe dae van opleiding is hulle ontplooi in gebiede weg van hulle tuisareas waar hulle nie herken sou word nie. Daarna sou hulle spesifieke teikens aanval - meestal mense wat die opposisie ondersteun het. Een van die groepe is na hul uitklaring persoonlik deur Mugabe in die Sheraton Hotel in Harare toegesprek (meer hieroor later) (Stiff, 2000: 453; Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 41). Verder het die ZWVA ook in Mei afgekondig dat ‘mobilisasiepunte’ in elk van die land se 42 stedelike kiesafdelings gestig sou word vanwaar die organisasie beoog het om ‘n ‘aggressiewe’ verkiesingsveldtog namens ZANU PF te loods (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:9). Dit is onbekend of hierdie plan verbind kan word met die 72 kampe wat onder die vaandel van die National Youth Programme in 2001 bedryf is. Dié program is die vorige jaar deur die regering van stapel gestuur, skynbaar om patriotisme onder die jeug te bevorder. Daar is aan jong mense belowe dat diegene wat daaraan sou deelneem

'n beter kans sou hê om later by die staatsdiens aan te sluit. Die ZHRF skryf dat die kampe as afspringplekke gebruik is om aanvalle te loods op mense in stedelike gebiede en dorpe wat daarvan verdink was dat hulle opposisie-groepe steun (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:18). In 2002 het dit aan die lig gekom dat jeugdige in die kampe militêre opleiding van die weermag ontvang het waarna hulle opposisie-ondersteuners aangeval het en somtyds na die kampe teruggebring het vir marteling of politieke 'heropvoeding' (<http://www.observer.co.uk/worldview/story/0,11581,661147,co.uk.html>). In die laaste week van Februarie 2002 het jeugdige van die milisies wat deur 'oorlogsveterane' opgelei is, aanvalle geloods op mense wat daarvan verdink is dat hulle die MDC ondersteun op grond van 'n lys van sowat 1 200 name wat deur die CIO opgestel is (<http://www.guardian.co.uk/zimbabwe/article/0,2763,673,291,000.html>).

Die bogaande bespreking het gewys dat ZANU PF se jeugvleuel, soos die 'oorlogsveterane', beskou kan word as 'n milisie wat die leierskap se wense uitvoer deur mense wat daarvan verdink word dat hulle opposisiepartye ondersteun, te terroriseer en aan te val. Soos in die geval van die oorlogsveterane is die staatstrukture soos die CIO en weermag ook gebruik om hulle aktiwiteite te koördineer.

Die volgende bespreking sal aanvoer dat daar genoegsame bewyse bestaan dat die ZANU PF-regering 'n veldtog van sistemiese geweld teenoor mense en groepe wat dit as opposisie beskou, tussen 2000 en 2002 van stapel gestuur het.

2.3 Sistemiese geweld

In Januarie 2002 het die Deense tak van die Physicians for Human Rights, 'n organisasie wat homself vir menseregte wêreldwyd beywer, 'n verslag gepubliseer waarin mensregteskendings in Zimbabwe tussen 14 Februarie 2000 en November 2001 ontleed is. Die organisasie het dit duidelik gemaak dat die politieke situasie in die land dit bemoeilik het om sekerheid te kry oor die presiese aard van die aantal insidente en die plegers daarvan. Die eerste tabel noem die aantal menseregtevergrype tussen 14 Februarie 2000 en in 30 November 2001, asook wie daarvoor verantwoordelik was. Dit sluit egter nie geweld op kommersiële plase in nie.

Tabel 1: Gemiddelde aantal geselekteerde polities-gemotiveerde menseregteskendings (geweld op kommersiële plase uitgesluit) per maand: 14 Februarie 2000 – 30 November 2001

<i>Tipe menseregteskending</i>	<i>14 Februarie – 26 Junie 2000: per maand</i>	<i>27 Junie – 7 Desember 2000: per maand</i>	<i>1 Januarie – 30 Junie 2001: per maand</i>	<i>1 Julie – 30 November 2001: per maand</i>
Moord	8	1	2	5
Aanranding	569	176	192	548
Aanhouding/ontvoering	142	9	70	35
Dreigemente van aanranding	439	33	199	805
Doodsdreigemente	567	10	71	73
Beskadiging van eiendom	263	74	66	360
Interne verskuiwing	2 000	57	174	4 000

Bron: Physicians for Human Rights (Denemarke), 2002:16

Die volgende tabel wys die politieke affiliasie van die oortreders uit:

Affiliasie van die plegers van alle gerapporteerde polities-gemotiveerde menseregteskendings				
<i>Affiliasie van die skender</i>	<i>14 Februarie – 26 Junie 2000: per maand</i>	<i>27 Junie – 7 Desember 2000: per maand</i>	<i>1 Januarie – 30 Junie 2001: per maand</i>	<i>1 Julie – 30 November 2001: per maand</i>
Liggame geaffilieer met die regering*	94,5%	93,2%	88,7%	92,1%
Ander/Onbekend**	5,5%	6,8%	11,3%	7,9%

* Die kategorie sluit ZANU PF-ondersteuners, 'oorlogsveterane', die polisie en die CIO in.

** Die kategorie sluit MDC-ondersteuners in.

Bron: Physicians for Human Rights (Denemarke), 2002: 16

Die laaste tabel toon dat 92% van die menseregteskendings wat onder die organisasie se aandag gekom het, gepleeg is deur ZANU PF-ondersteuners. Volgens 'n verslag van die ZHRF (2000: 18) wat handel oor geweld voor die Junie 2000-verkiesing was byna 609 van die 704 slagoffers van politieke geweld wat onder die organisasie se aandag gekom het, ondersteuners van die MDC. Die organisasie meld egter ook dat hulle inligting

gebaseer is op verklarings wat afgelê is vir hofsake of op gevalle wat by die organisasie aangemeld is.

Baie van die mense wat die bogenoemde misdade gepleeg het, sal nooit vervolg word nie. Op 6 Oktober 2000 het Mugabe 'n algehele amnestie afgekondig vir politieke oortredings wat tussen 1 Januarie en 31 Julie gepleeg is. Die amnestie het sekere misdade soos moord, besit van vuurwapens en seksuele aanranding uitgesluit. Die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake se menseregteverslag vir 2000 het egter gemeld dat die amnestie effektiewelik kwytskelding verskaf het van alle politieke misdade, insluitende dié wat deur die amnestie uitgesluit was. Die beskouing is gedeel deur Amnestie Internasionaal (<http://www.state.gov/g/drl/rls/2000/af/852.htm>; <http://www.web.amnesty.org/ai.nsf/AFR/60822000?Open Document>).

In Maart 2000 het die Amani Trust, 'n organisasie wat homself vir menseregte in Zimbabwe beywer, geskryf dat daar aanduidings is dat 'n veldtog van verkragting van vroue wat daarvan verdink word dat hulle opposisie-groepe ondersteun, deur ZANU PF ondersteuners geloods is. Gedurende 2000 is ses gevalle van polities-gemotiveerde verkragting aangemeld. Die syfer het in 2001 tot 18 gestyg. Volgens die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake se 2000-menseregteverslag het sommige menseregte-organisasies geskat dat die ware syfer so hoog soos 800 kon wees (<http://www.state.gov/g/drl/rls/2000/af/852.htm>; http://www.state.gov/g/drl/rls/_hrrpt_/2001/af/8411.htm). Terwyl verkragting as 'n besondere makabere element van politieke geweld gesien kan word, het die Amani Trust beweer dat 'n patroon in seksuele geweld geïdentifiseer kan word in die Masjonaland-Sentraal provinsie waar mense deur 'n ZANU PF-milisie gedwing is om andere te verkrag in die aanloop tot die Maart 2002-presidentsverkiesing. Aan die einde van Maart 2002 het die organisasie soortgelyke insidente gedokumenteer in ander gedeeltes van Zimbabwe, insluitende gevalle waar mans gedwing is om seksueel met mekaar te verkeer. In Gokwe in die Middellande provinsie is vroue en meisies gedwing om vernederende seksuele dae in die publiek uit te voer, skynbaar weens die 'misdad' dat hulle vir die MDC gestem het (<http://www.web.amnesty.org/ai.nsf/print/AFR460322002?OpenDocument>).

Die voorafgaande bespreking het geïllustreer dat die ZANU PF-regering 'n geskiedenis het van geweldpleging teen persone of instansies wat as opposisie beskou word. Die volgende bespreking sal aantoon dat die bogenoemde veldtog van geweld aangemoedig is deur Mugabe en ander lede van die uitvoerende gesag, hooggeplaaste staatsamptenare en senior lede van ZANU PF.

2.4 Amptelike aanmoediging van geweld

In die periode 2000 tot 2002 het Mugabe in sy hoedanigheid as president, asook verskeie ander lede van die uitvoerende gesag en senior staatsamptenare, uitlatings gemaak wat geweld teenoor opposisiegroepe aangemoedig het, en hulle voorgestel het as 'n bedreiging of vyand van die Zimbabwiese staat. Die bespreking sal veral aandag skenk aan Mugabe se uitsprake, siende dat hy die staatshoof asook die leier van regerende party is, en sy uitsprake dien as 'n aanwysing van die wense van die regering en die party. Die argument is dat sulke uitlatings 'n indruk geskep het onder ZANU PF-ondersteuners dat geweld teenoor mense wat die opposisie steun, die goedkeuring van die leierskap wegdra. Sulke oënskynlike amptelike goedkeuring kan ook dien as 'n aanmoeding van geweld teenoor opposisiegroepe. Die volgende bespreking sal geselekteerde voorbeelde bied van die amptelike aanmoediging van geweld vanaf die aanloop tot die Februarie 2000-referendum tot die Junie 2000-verkiesing. Die uitlatings is in Afrikaans vertaal.

2.4.1 Februarie 2000 – Junie 2000

Etlke dae voor die Maart-referendum het Mugabe gesê dat sommige boere hulle werkers aangemoedig het om 'nee' (teen die voorgestelde grondwet) te stem, en dat sulke boere hulle 'ware kleure' gewys het (Stiff, 2000: 309). In die middel van Maart spreek Mugabe 'n ZANU PF-vergadering toe in Manicaland. Tydens sy toespraak waarsku hy dat 'diegene wat verdeeldheid onder ons veroorsaak moet oppas, want die dood sal hulle oorval' (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 41).

Op 17 Maart 2000 het die Hooggeregshof die plaasbesettings onwettig verklaar en beveel dat die veterane van die plase verwyder moet word binne 24 uur. Die regering het die

uitspraak geïgnoreer. Op 28 Maart berig die Reuters-nuusagentskap dat Mugabe se reaksie hierop was dat ‘as boere begin kwaad raak, dan sal hulle daardie medisyne terug kry. En dit kan baie, baie, baie swaar geweld wees’ (Meredith, 2002: 170).

Vroeg in April 2000 waarsku Mugabe die leier van die MDC, Morgan Tsvangirai, dat hy nie ‘vuur moet stig wat hom kan oorweldig nie’ (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 41).

In middel April 2000 sê die goewerneur van die Masvingo-provinsie, Josaya Hungwe, in ‘n gepakte burgersentrum vol potensiële kiesers tydens ‘n verkiesingsveldtog dat ‘as julle nie ZANU PF in die burgemeestersverkiesing stem nie, gaan mense doodgemaak word. Ek wil vir julle sê iemand gaan doodgemaak word’ (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:44).

Tydens Zimbabwe se twintigste onafhanklikheidsfeesvieringe op 18 April het Mugabe hom tot wit boere gerig: ‘In ons huidige gemoedstoestand is julle ons vyande, want julle gedra julle self soos vyande van Zimbabwe. Die hele gemeenskap is kwaad vir julle en dis hoekom julle nou oorlogsveterane het, julle weet, wat die grond gryp’ (Stiff, 2000: 376).

Op 27 April 2000 sê Mugabe in ‘n toespraak in Shona dat daar wel gevalle van geweld betrokke was by die plaasbesettings maar dat ‘ek verstaan dit was hoofsaaklik as gevolg van weerstand van die boere se kant af. Dit sal ongelukkig wees as hulle aanhou om weerstand te bied, want ons is reg vir oorlog’ (‘hondo’ in Shona) (Stiff, 2000: 358).

Tydens die bekendmaking van ZANU PF se verkiesingsmanifes in Mei 2000 sê Mugabe ‘ons kan nie bekostig om ons land te verloor aan die blankes se MDC nie, nooit ooit nie... die MDC het hierdie geweld begin en nou kry hulle meer as waarop hulle gereken het’. Die manifes het onder andere die gedagte dat Zimbabwe se ekonomie ly onder militêre uitgawes in die DRK beskryf as produkte van ‘die donker verbeelding van imperialiste, neo-kolonialiste, rassiste, uitverkopers en die internasionale media wat die

voortgang van Afrika en Afrikane wil ontspoor' (Weekly Mail&Guardian, 5 Mei 2000).

Later in Mei het Hungwe, goewerneur van Masvingo, wit boere ingelig 'ons wil nie 'n oorlog hê nie. As julle vrede wil hê moet julle die regerende party steun. As julle moeilikheid wil hê, moet julle vir 'n ander party stem' (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:44).

Die onthulling van 'Operasie Tsuru' in Mei 2000 is hierbo genoem. Tydens 'n uitklaringseremonie vir een van die groepe in die Sheraton Hotel in Harare, het Mugabe die groep persoonlik toegesprek. In Shona het hy gesê 'ons is nou weer in 'n oorlog betrokke... as een van julle gevra word hoekom julle doodmaak moet julle sê 'dis nie ons nie, dis die President'. Maar gedra jultself soos vlakhase. 'n Bobbejaan is sterk gebou, maar vlakhase is slimmer' (Stiff, 2000: 453; Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 41).

2.4.2 Junie 2000 - Junie 2002

Etlke dae na die uitslag van die Junie 2000-verkiesing bekend gemaak is, verklaar Mugabe dat hy nie die weermag of die polisie gaan gebruik om 'oorlogsveterane' wat plase beset, te verwyder nie. 'Hoe kan ek my eie vlees en bloed ('kith and kin') doodmaak ?' het hy gevra (The Citizen, 28 Junie 2000).

In Junie 2000 sê Govan Mahachi (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 47), die Minister van Verdediging, vir 'n skare tydens 'n vergadering van ZANU PF-ondersteuners dat 'ons van deur tot deur sal gaan en doen soos ons gedoen het, en doodmaak soos ons gedoen het met Chimminga'. Tichaona Chimminga, die MDC se nasionale jeugkoördineerder is deur lede van 'n ZANU PF-milisie met paraffien doodgebrand. Volgens Stiff (2000: 454) was hy een van 'Operasie Tsuru' (wat reeds bespreek is) se slagoffers. Mahachi het verder gesê: 'ek is die Minister van Verdediging en ek is in staat om dood te maak' In Julie 2000 het Mugabe in 'n toespraak aan ZANU PF se sentrale komitee verklaar dat die MDC blanke heerskappy wil herstel. Die MDC is 'baie dieper, witter en wyer as wat dit lyk op die oppervlak' (Meredith, 2002: 201).

Op 28 Februarie 2001 is die onafhanklike publikasie, die Daily News, se drukpers met 'n kleefmyn opgeblaas. Etlike dae voor die ontploffing het die Minister van Inligting en Publisiteit, prof. Jonathan Moyo, gesê 'die Daily News gaan nie oorleef solank as wat ek lewe nie, julle het nog niks gesien nie' (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 43).

In April 2001 herbevestig Mugabe sy siening dat 'daar nooit 'n dag sal kom dat die MDC hierdie land sal regeer nie, nooit ooit nie' (Meredith, 2002: 210).

Later daardie maand het plaasbesettings in die Chinhoyi-gebied plaasgevind. Die goeweneur van die streek, Peter Chanetsa, is saam met 'n ZANU PF-parlementslid Ignatuis Chombo en 'n miljoenêr besigheidsman, Phillip Chiyangwa, verfilm waar hulle die Geldenhuys-familie beveel om hulle plaas te verlaat. Chiyangwa, wat later voorsitter van ZANU PF in die streek en 'n parlementslid sou word, is daarna sonder sy kennis verfilm waar hy jeugdiges in Shona instruksies gegee het: 'As julle MDC- ondersteuners in die hande kry, slaan hulle tot hulle dood is. Brand die plase en die werkers se huise af. Hardloop dan vinning weg en ons sal die werkers se afgebrande huise op die boere blameer. Rapporteer by die polisie, want hulle is ons s'n' (Meredith, 2002: 220).

In Mei het minister Moyo by 'n voorlegging by die koördineringskomitee van die Stigting vir Persvryheid te kenne gegee dat die onafhanklike media 'geweld moet verwag' as hulle Mugabe se ondersteuners 'uitlok' (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001:43).

In Desember 2001 het Mugabe die MDC by 'n ZANU PF-kongres by Victoria Falls beskryf as 'n regte terroristiese bedreiging wat ons nie ongedeerd sal laat voortbestaan nie'. Daarna is die afgevaardigtes aangesê om voor te berei 'vir 'n fisiese geveg (met die MDC), ons moet 'n hoë vlak van versigtigheid en veiligheid handhaaf, ons het die vyand se kapasiteit vir moord en geweld al gesien' (Business Day, 14 Desember 2001).

In Januarie 2002 het Moyo die oortuiging uitgespreek dat die onafhanklike Daily News befonds word met 'witboerekapitaal' en dat dit nou 'terugbetaaltd is' (vermoedelik deur ZANU PF aan die publikasie) (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID = 3530>).

Hierdie bespreking het getoon dat Robert Mugabe, in sy hoedanigheid as hoof van sowel die uitvoerende gesag as die regerende party, asook ander lede van die uitvoerende gesag herhaaldelik geweld aangemoedig het teen diegene wat die ZANU PF-regering as opposisie gesien het. Die soort uitsprake het deur die loop van 2000 tot 2002 die indruk geskep dat geweld teen die opposisie amptelike goedkeuring dra. Terselfdertyd het 'n kombinasie van wette kritiese beriggewing aan bande gelê.

2.4.3 Wetgewing wat kritiek teenoor die regering bemoeilik

Landswette in Zimbabwe maak dit baie moeilik vir onafhanklike beriggewing. In April 2000 het die parlement wetgewing deurgevoer wat regeringsinstansies toelaat om e-posboodskappe te monitor (<http://www.hsf.org.za/focus18/focus18press.html>).

Die Public Order Security Act, wat die Law and Order Maintenance Act vervang het, het steeds baie van die kenmerke van die ou wet behou, insluitende breë regte wat aan die polisie gegee kan word en beperkings op vryheid van spraak. Volgens artikel 16 (b), van die wet is dit onwettig om 'n beledigende of vals stelling te maak wat die gesag van die presidensie (die persoon of die amp) aantast, en kan oortreders soveel as een jaar tronkstraf opgelê word. Die wet het dit byna onmoontlik gemaak om die president te kritiseer in die aanloop tot die presidentsverkiesing in Maart 2002 (Physicians for Human Rights (Denmark) 9).

Die wet wat egter die grootste bedreiging vir persvryheid in die land ingehou het, is die Access to Information and Protection of Privacy Bill. Volgens die Media-instituut van Suider-Afrika (<http://www.dfn.org/focus/zimbabwe/infoaccessbill.htm>) sou die wet onder andere bepaal dat joernaliste by die regering se Mediakommissie moes registreer. Slegs persone met toepaslike joernalistieke kwalifikasies sou toegelaat word om te registreer.

Die kommissie sou joernaliste kon 'dissiplineer' deur 'n persoon vir 'n bepaalde tydperk van die register te verwyder. Dié konsepwet sou dit ook onmoontlik vir joernaliste maak om ander publikasies aan te haal tensy hulle vir nuusagentskappe werk. Joernaliste kon voor die hof gedaag word indien daar bevind is dat hulle berigte teen 'n persoon diskrimineer op grond van sy ras, geslag, politieke oortuigings of werksplek. Buitelandse nuusorganisasies sou verplig word om eers toestemming by die minister van inligting te kry voor hulle takke in die land kon oopmaak en sou slegs geakkrediteerde joernaliste in diens mag neem, wat beteken het dat slegs Zimbabwiese burgers sou kwalifiseer. Die konsepwetgewing identifiseer verder sekere kategorieë van 'beskermd' inligting wat nie aan joernaliste oorgedra mag word nie. Dit sluit in kabinetsgesprekke, beleidsadvies van openbare instellings aan die president of 'n minister en inligting wat handel oor die finansiële belange van 'n openbare instelling. Joernaliste wat hierdie vereistes oortree het, kon met VSA\$ 1 875 beboet word of 'n tweejaar tronkvonnis opgelê word.

Die konsepwetgewing het wêreldwye kritiek ontlok. Die VSA, die Europese Unie en die Verenigde Koninkryk het dit gekritiseer (<http://www.news24.co.za/news24zimbabwe/0.1113.2-59-11896.200.html>). Die voorsitter van die parlementêre staande komitee oor wetlike aangeleenthede, Eddison Zvogbo, het die konsepwet herhaaldelik teruggestuur vir hersiening. Hy het selfs die Minister van Justisie en Parlementêre Aangeleenthede, Patrick Chinamasa, daarvan beskuldig dat die konsepwet 'chaos' in die parlement veroorsaak het (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3469>; <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3479>)

Die wet is uiteindelik op 31 Januarie deur die parlement aanvaar (<http://www.news24.co.za/news24zimbabwe/0.1113.2-59.1138894.00.html>). Teen 3 Februarie het Mugabe egter nog nie die wet onderteken nie. Op daardie dag het minister Moyo in 'n onderhoud gesê dat die konsepwet moontlik nie 'n wet sal word tot na die presidentsverkiesing nie (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3524>). Mugabe het die wet onderteken op Vrydag 15 Maart 2002 (<http://www.ifex.org/alerts/view.html?id=10295>).

In Deel 2 is verduidelik dat ZANU PF 'n geskiedenis het waar geweld gebruik is teen mense en groepe wat as opposisie beskou is. Mag is na onafhanklikheid stelselmatig gesentraliseer in die uitvoerende gesag met die gevolg dat die parlement nie meer as 'n onafhanklike liggaam gefunksioneer het wat die uitvoerende gesag tot verantwoording kon roep nie. Verder is daar ook getoon dat daar sedert 2000 'n veldtog van beplande sistemiese geweld teen opposisie-ondersteuners geloods is. Daar is ook gewys dat geweld beplan is deur lede van die uitvoerende gesag en dat dit gekoördineer is deur staatstrukture wat ZANU PF-milisies gebruik het vir geweld op opposisie-ondersteuners. Daar is geargumenteer dat uitsprake van lede van die uitvoerende gesag 'n klimaat van geweld geskep het waarin menseregtevergrype teen lede van die opposisie amptelike goedkeuring weggedra het. Laastens is daar getoon dat die media se vermoë om die regering te kritiseer belemmer is deur wetgewing. Dit is dus redelik om te sê dat die ZANU PF-regering gedeeltelik op geweld vertrou om sy magspesie te behou.

Deel Drie: Zimbabwe en korrupsie

Hierdie bespreking sal kliëntenetwerke en politieke korrupsie in Zimbabwe analiseer. Die argument is dat die lojaliteit van lede van die uitvoerende gesag, senior polisie- en weermagoffisiere, hooggeplaaste amptenare in die staatsdiens en in die regerende party aan die ZANU PF-regering verseker word deur geleenthede om amptelike posisies vir private gewin te gebruik. Verder word sekere sakemanne en familieledes van die bogenoemde persone ook toegang tot staatshulpbronne gebied. Sulke netwerke verseker dat alle betrokkenes saamgebind word in 'n gemeenskaplike bond van selfverryking. Die korrupsie en plundering van staatshulpbronne (ook die hulpbronne van die DRK) wat met hierdie sisteem gepaard gaan, maak dit moontlik om te argumenteer dat die Zimbabwiese staat gekriminaliseer word deur die bogenoemde groepe. Die instandhouding van sulke netwerke berus op die beskikbaarheid van hulpbronne om die betrokkenes te verryk en hul ondersteuning te verseker. Dit vereis ook dat mag gesentraliseer word sodat die leierskap kan bepaal wie toegang tot hulpbronne kan hê. Die sentralisering van mag is reeds geïllustreer. Dié afdeling sal in twee verdeel word. In die eerste gedeelte sal

kliëntennetwerke en korrupsie binne Zimbabwe bespreek word, en in die tweede die uitbreiding van daardie netwerke na die DRK.

3.1 Kliëntennetwerke en korrupsie binne Zimbabwe

Die bespreking sal drie fasette van kliëntennetwerke analiseer. Dit sal illustreer dat ZANU PF direk na onafhanklikheid 'n besigheidsnetwerk opgebou het waarby die leierskap en hulle kliënte baat. Verder is van hierdie besighede van die staat afhanklik vir hulle voortbestaan. Tweedens sal daar aangedui word dat lede van die leierskap en selfs lede van die regsbank gebaat het by die regering se grondhervormingsprogram in die 1980's en die program wat in 2000 van stapel gestuur is. Die argument is dat die verskaffing van plase 'n metode is om ondersteuners van die leierskap, en die leierskap self, te beloon. Derdens sal etlike voorbeelde gegee word van hoe die leierskap se kliëntennetwerke in die privaatsektor funksioneer om diegene wat deel is daarvan, te verryk.

3.1.1 ZANU PF se besigheidsnetwerk

Diagram 1 sit ZANU PF se besigheidsnetwerk uiteen. Die sleutel tot hierdie besigheidsnetwerk is die M&S Syndicate, wat nog voor onafhanklikheid in 1979 gestig is, en Zidco Holdings wat in 1981 gestig is. Volgens die Helen Suzman-stigting (<http://www.hsf.org/focus19/focus19refozanu.html>) het die Joshi-familie aan die begin van die 1980's die kundigheid verskaf om dié twee ondernemings te stig. Die Joshi's was Asiërs van Malawiese afkoms wat gedurende die 1970's belangrike ondersteuners van ZANU PF was en het vir baie ZANU PF-lede wat in ballingskap was, se studies in Brittanje betaal. Aan die hoof van die familie was Jayan Joshi wat na onafhanklikheid in 1980 deur Mugabe gevra is om Zidco Holdings te begin en te bestuur. Hy hanteer ook die Mugabe-familie se persoonlike finansies. Sy dogter Heena is 'n persoonlike vriendin van Grace Mugabe, die president se vrou, en dien op die raad van Grace Mugabe se welsynsorganisasie vir kinders. Heena Joshi het ook 'n pos aanvaar in Oryx Diamonds Ltd in die DRK. (Zimbabwe se betrokkenheid in die DRK sal later bespreek word). Met die hulp van Rumbai Patel, 'n Asiër van Keniaanse afkoms, is die ondernemerskapitaal bymekaar gebring om Zidco Holdings in 1981 te stig. Patel het in 1984 Zimbabwe besoek en sy bande met ZANU PF verstewig deur 'n bydrae van VSA \$50 000 tot die

party se koffers te maak. Patel is die eienaar van Unicorn Import & Export, wat in 2000 steeds 45% van Zidco Holdings besit het (Meredith, 2002: 108; Africa Confidential, 22 Maart, vol 43 (6); http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html)

Die direkteure van Zidco Holdings het Emmerson Mnangagwa ingesluit. Hy was in die 1980's Minister van Nasionale Sekuriteit en in daardie hoedanigheid politieke hoof van die CIO. Daarna het hy gedien as Minister van Justisie en Parlementêre Aangeleenthede. In Julie 2000 is hy verkies as Speaker van die Zimbabwiese parlement, en in November 2000 het hy die portefeulje van sekretaris van administrasie van ZANU PF se politburo oorgeneem. Ander direkteure was Jayan Joshi, sy broer Manharlal en Sydney Sekeramayi. Sekeramayi het Mnangagwa opgevolg as Minister van Nasionale Sekuriteit in 1988 (ook as politieke hoof van die CIO) en is in Julie 2000 as Minister van Energie en Mynwese aangewys. Na die dood van die Minister van Verdediging, Govan Mahachi in Mei 2001, het Sekeramayi hom opgevolg. Hy dien ook in ZANU PF se politburo as sekretaris van sekuriteit (Africa Confidential, 21 Julie 2000, vol 41 (15) Africa Confidential, 10 November 2000, vol 41 (22); Africa Confidential, 2001, 15 Junie 2001, vol 42 (12)). Sover bekend sluit die direkteure van die M&S Syndicate Mnangagwa en Manharlal Joshi in (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html; Africa Confidential, 22 Maart 2002, vol 43 (6)).

Saam verskaf Zidco Holdings en die M&S Syndicate 'n besigheidsnetwerk wat ZANU PF en die leierskap toegang gee tot 'n uitgebreide reeks hulpbronne in die privaatsektor wat deels gefinansier word deur staatskontrakte (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html). Volgens beskikbare inligting het hierdie twee ondernemings besighede gekoop en die bestuur daarvan in professionele hande gelaat. Die onderskeie direkteure het dan hul invloed as lede van die uitvoerende gesag, of as hul kliënte gebruik om die toekenning van staatskontrakte aan die betrokke besighede te bewerkstellig (Meredith, 2002: 82-83). Die presiese toewysing van die finansiële voordele wat uit die aktiwiteite Zidco Holdings en M&S Syndicate voortspruit, is onseker (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html).

Uit die diagram kan gesien word 55% van Zidco Holdings besit word deur M&S Syndicate. Jayan Joshi se Unicorn Import & Export besit op sy beurt 45% van M&S Syndicate. Saam besit Zidco Holdings en die M&S Syndicate 45% van Tregor Holdings, 'n onderneming wat boumateriaal vervaardig en waarvan Manharlal Joshi 'n direkteur is. Die twee ondernemings besit 4,9% van David Whitehead Textiles, wat 'n oorkoepelende maatskappy is wat in elektronika handel dryf. Verder besit dit, saam met die internasionale maatskappy Lonrho, 50% van National Blankets, waarvan Mnangagwa 'n direkteur is. Die twee ondernemings besit ook 'n aandeel in FW Woolworths. Mnangagwa is 'n direkteur in een van FW Woolworths se filiale, Woolworths Trading Company. Zidco Holdings en M&S Syndicate besit ook 'n 50% aandeel in Catercraft, waarvan Manharlal Joshi 'n direkteur is. Die onderneming bedryf die verversingsdiens by die Harare Internasionale Lughawe en lewer ook alle voorrade aan internasionale en plaaslike vlugte wat vanaf die lughawe vertrek. Die hele Jongwe Printing word deur Zidco Holdings en M&S Syndicate besit. Die onderneming verskaf handboeke en ander benodighede aan alle staatskole en is verantwoordelik vir die druk van die parlementêre rekord (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html; Africa Confidential, 22 Maart 2002, vol 43 (6); Meredith, 2002:82-3).

Die M&S Syndicate is voorts die houermaatskappy van 60 eiendomme in goeie woonbuurte (Meredith, 2002: 82-3). Zidco Holdings besit ook Zidco Motors en 'n gedeelte van Oryx Diamonds (Ltd), 'n maatskappy wat diamante in die DRK ontgin (Oryx Diamonds se aktiwiteite word later bespreek). Verder besit Zidco Holdings ook 60% van Ottawa (Pty) Ltd, 'n maatskappy wat eiendomme bestuur, en 60% van Zidlee Enterprises, wat die belastingvrye winkels by Beitbrug, in Harare en by die Harare Internasionale Lughawe bestuur. Volgens die Helen Suzman-stigting (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html) is Zidlee Enterprises betrokke by die smokkel van buitelandse valuta sowel na as vanuit Zimbabwe. Zidco Holdings besit ook 'n 13,75% aandeel in die First Bank Corporation Ltd, waarvan Jayan Joshi 'n direkteur is (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html). African Resources (Ltd) besit 'n 25% aandeel in die First Bank Corporation. Die hoof uitvoerende beampte van African Resources (Ltd) is Mutuwa Mawere, bekend vir sy besondere nou bande met

Mnangagwa. African Resources (Ltd) besit Turnwall Fibre Cement en die African Associated Mining Group wat weer 'n aandeel besit in die Bindura-kopermyn. Een van Mawere se noue vennote is Phillip Chiyangwa, 'n multi-miljoenêr besigheidsman wat bekendheid verwerf het met sy stelling 'Ek is ryk want ek behoort aan ZANU PF'. Hy is afkomstig van Mugabe se tuisstreek van Zvimba, en besit verskeie maatskappye wat betrokke is in ingenieurswese en vervaardiging. Chiyangwa se rol in die uitsetting van die Geldenhuys-familie van hul plaas is vroeër genoem. Hy is ook 'n noue vennoot van die president se neef, Leo Mugabe (wie se bedrywighede later bespreek word) (Meredith, 2002: 2002: 82-3, 100-101). Chiyangwa is in Junie 2000 aangewys as die ZANU PF-voorsitter in die Masjionaland-Wes distrik (Africa Confidential, 15 Junie 2001, vol 42 (12)). Diagram 2, wat handel oor Zimbabwiese betrokkenheid in die DRK (wat later bespreek sal word) toon dat beide Oryx Diamonds (Ltd), en Oryx-Zimcon (Pvt) Ltd, betrokke is in diamantontginning in die DRK ten bate van ZANU PF, en hulle banksake doen by First Bank Corporation Ltd (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html).

Laastens moet daar ook bygevoeg word dat Mnangagwa 'n direkteur is in ondernemings soos Opporto Investments, Galhold Investments en Galant Distribution (Africa Confidential 22 Maart, 2002, vol 43 (6)). Verder is hy die voorsitter van Fibrolite, 'n maatskappy wat byna VSA \$1m se asbes per jaar uitvoer. Sy vennoot in Fibrolite is Armando Odinko, 'n Portugese besigheidsman. In 1995 is Odinko se seun, Louis, die eienaar van die Mirage-nagklub in Harare, gearresteer op aanklag dat hy 'n 17-jarige meisie sou ontvoer en verkrag het. Hy het ook ander hangende hofsake teen hom gehad. Mnangagwa het sy invloed by die CIO (waarvan hy amper 18 jaar lank politieke hoof was) gebruik sodat die organisasie Louis 'n sleutelveiligheidsagent en 'n belangrike bron van inligting verklaar het. Die klagtes teen hom is gevolglik laat vaar op grond van nasionale veiligheid (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html).

Die laaste keer dat daar 'n openbare verslag gelewer is oor Zidco Holdings, was tydens ZANU PF se nasionale kongres in 1992. Daar het Mnangagwa bekend gemaak dat die waarde van Zidco Holdings se bates op omtrent VSA \$75m gestaan het (Meredith, 2002: 82).

Volgens die Helen Suzman-stigting (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html) vorm Mnangagwa en Sekeramayi 'n vennootskap wat sentraal staan tot Mugabe se presidensie. Tussen hulle dra hulle volledige kennis van ZANU PF se besigheidsbelange in beide Zimbabwe en die DRK (soos later geïllustreer sal word). Beide het die CIO aangevoer en dra indiepte kennis van daardie organisasie se werksaamhede tydens die Gukurahundi en daarna, insluitend staatsgeweld teen opposisie-ondersteuners in die aanloop tot die 2000-referendum en -verkieping. Africa Confidential (21 Julie, 2000, vol 41, (15) bevestig dat altwee ambisies het om Mugabe op te volg.

Die bogaande het getoon dat ZANU PF 'n aansienlike netwerk besighele of groot dele daarvan besit. Dit bevoordeel ZANU PF self asook lede van die uitvoerende gesag en hul vennote deur hulle van finansiële hulpbronne te voorsien. Verder is van hierdie besighele ook afhanklik van staatskontrakte wat verkry word vanweë Zidco Holdings en M&S Syndicate se beheer van daardie ondernemings. Hierdie twee maatskappye dien as illustrasie van die aktiwiteite van die staatsentrepreneurs waarna daar vroeër verwys is. Lede van die uitvoerende gesag van die regering het hulle amptelike posisies gebruik om 'n besigheidsnetwerk op te bou wat hulself en hul kliënte verryk. Verder het die gebruik van hul amptelike posisies hulle ook toegelaat om staatskontrakte aan ondernemings waarvan hulle òf kliënte òf direkteure is, toe te ken.

Die begunstigdes van die regering se grondhervormingsproses word vervolgens bespreek.

3.1.2 Baas van die plaas: Leierskap en grondhervorming in Zimbabwe.

Hierdie bespreking sal aantoon hoe senior lede van die Zimbabwiese leierskap en hul kliënte (insluitende lede van die regsbank) gebaat het by die regering se grondhervormingsprogramme wat in die 1980's en ook in 2000 van stapel gestuur is.

Die grondwet waarop in 1979 by Lancasterhuis ooreengekom is, het bepaal dat grondherverdeling volgens die beginsel van 'gewillige koper, gewillige verkoper' moes plaasvind. Die grond sou gebruik word om grondlose swart mense in die plattelandse

gebiede te hervestig (Herbst, 1990: 30). In 1992 het Mugabe die Land Acquisition Act onderteken waarvolgens die regering plase kon identifiseer wat aangekoop sou word vir herverdeling. Oorspronklik sou die regering 'n plaas kon waardeer, en indien die eienaar nie met die prys saamgestem het nie, kon dit in die hof betwis word. Die moontlikheid om die regering se waardasie te betwis is egter uit die konsepwet gehaal kort voor dit deur die parlement bespreek is (Meredith, 2002: 123-4).

In April 1994 het koerante in Zimbabwe ontdek dat een van die plase wat die regering onder die Land Acquisition Act bekom het (teen die eienaar se wense) sou gaan aan Witness Mangwende, wat destyds in sy hoedanigheid as Minister van Landbou en Landelike Hervestiging die wet deur die parlement gevoer het. In 1994 het Mangwende as Minister van Opvoeding, Sport en Kultuur gedien. Verdere onthullings het aan die lig gebring dat ander plase wat bekom is vir die hervestiging van landelike swart mense, toegeken sou word aan Charles Ute, die hoof van Mugabe se kantoor, lugmaarskalk Perence Shiri, Mugabe se neef en Hoof van die Lugmag, Augustine Chihuri, die Kommissaris van die Polisie en Solomon Tawenga, die burgemeester van Harare. Dié inligting het daartoe gelei dat die Britse regering sy ondersteuning vir Zimbabwe se grondhervedelingsprogram gestaak het. Brittanje se regering het toe reeds bykans (Britse) £44m tot die program bygedra. (Meredith, 2002: 127).

3.1.2.1 Dongo se lys

Aan die begin van 2000 het 'n voormalige parlamentslid van ZANU PF, wat toe as 'n onafhanklike parlementariër gedien het, Margaret Dongo, in antwoord op 'n vraag in die parlement, die 'Dongo-lys' ontvang. Dit het aangedui aan wie plase oorgedra is wat van boere onder die 'gewillige koper, gewillige verkoper'-beginsel gekoop is. Dit het ook sommige plase ingesluit wat na 1992 bekom is. Die lys het 413 plase ingesluit wat 451 428 hektaar beslaan het. Die plase sou aan die nuwe eienaars verhuur word, alhoewel die persone in baie gevalle reeds die plase ontvang het sonder dat die bedrag wat hulle per jaar moes betaal al vasgestel is. Tabel 1 bied geselekteerde voorbeelde van prominente persone wat volgens die lys plase ontvang het. (Hul posisies was korrek in 2000 maar kon intussen verander het.)

Tabel 2: Prominente persone wat volgens die Zimbabwiese regering plase ontvang het as deel van grondhervorming	
Naam	Posisie
Charamba G	Woordvoerder in die Kantoor van die President
Sibinda M	Permanente Sekretaris in die Kantoor van die President
Ngathi V	Direkteur in die Kantoor van die President
Maugunidze B	Werksaam in die Kantoor van die President
Chinamasa P	Prokureur-Generaal van Zimbabwe
Malaba L, Regter	Regter in die Hooggeregshof
Cheda M, Regter	Regter in die Hooggeregshof
Zvinavashe V, Lt Genl	Hoof van die Zimbabwiese Weermag
Shiri P, Lugmaarskalk	Hoof van die Zimbabwiese Lugmag
Nyanbuya M, Genl	Generaal in die Zimbabwiese Weermag
Nkomani K	Pos aangegee as ambassadeur
Manyika T	Pos aangegee as ambassadeur
Moyo S	Minister van Energie en Mynwese
Nsimbe Z	Adjunkminister van Vervoer en Kommunikasie
Chiguda T	Permanente Sekretaris in die Ministerie van Binnelandse Sake
Nyembwa W	Ondersekretaris in die Ministerie van Nywerheid en Internasionale Handel
Marengwe D	Assistentsekretaris in die Ministerie van Energie en Mynwese
Ndebele C	Speaker van die Zimbabwiese parlement
Madzengwe E	Adjunkspeaker van die Zimbabwiese parlement
Gozi G	Provinsiale Goewerneur
Muradzikwa H	Hoofdirekteur van ZIANA

Bron: <http://www.zwnews.com/dongolist.cfm>

Bo en behalwe ander begunstigdes wat sakelui en individue insluit, noem die lys ook 87 amptenare (werksaam in die staatsdiens, regeringstrukture of in staatskorporasies) wat plase ontvang het. Verder meld die lys 11 werknemers van die Universiteit van Zimbabwe (waaronder 7 lektore, 2 professore, 'n assistentlektor, 'n fisikategnikus en 'n

programkoördineerder). Volgens die lys het 'n ekoloog en 'n programkoördineerder wat werksaam was by die United Nations Development Programme en 'n bevolkingspesialis verbonde aan die Wêreldbank, ook elk 'n plaas ontvang (<http://www.zwnews.com/dongolist.cfm>).

Hierdie lys is deur die Zimbabwiese regering saamgestel en kan onvolledig wees. Volgens Pieter Venter, 'n voormalige ANC-parlementslid in Suid-Afrika wat uit daardie party bedank het uit protes teen regeringsbeleid jeens Zimbabwe, was hy in besit van 'n lys wat gewys het dat selfs meer plase aan lede van die Zimbabwiese leierskap oorgedra is. Venter het verder beweer dat Mugabe persoonlik 15 plase ontvang het, die twee visepresidente, Joseph Msika en Simon Muzenda, elk 13; 160 plase is tussen kabinetslede verdeel, en 147 ZANU PF-parlementslede het elk een plaas ontvang (Stiff, 2000: 294).

3.1.2.2 'Geen diskriminasie teen ministers nie': Plase aan leiers in 2002

In 2000 het die regering 'n nuwe grondherverdelingsprogram aangepak waarvolgens daar op kommersiële plase in blanke besit beslag gelê kon word sonder enige kompensasie. Die Zimbabwiese Hooggeregshof het die program op 10 November 2000 onwettig verklaar. Kort daarna het hoofregter Anthony Gubbay en die drie ander hooggeregshofregters bedank. Gubbay is vervang deur regter Godfrey Chidyausikis en drie ander regters is aangestel wat bekend was vir hulle simpatie met die regerende party. In 'n uitspraak in Desember 2001 het die Hooggeregshof (bestaande uit Chidyausikis en sy kollegas) die vorige jaar se uitspraak ter syde gestel en die regering se program wettig verklaar (Zimbabwe Human Rights Forum, 2001: 15; Business Day, 5 Desember 2001). Die plaasbesettings deur 'oorlogsveterane' wat aan die einde van Februarie 2000 begin het, is reeds beskryf. Daar is getoon dat die program beplan is deur lede van die uitvoerende gesag, dat die 'oorlogsveterane' staatsondersteuning geniet het in hulle aktiwiteite en dat dit gekoördineer is deur die CIO en die weermag.

Aan die begin van 2002 het die regering begin om oorlogsveterane van plase af te verwyder sodat lede van die leierskap daarvan besit kon neem. Volgens die Financial Gazette, 'n onafhanklike publikasie (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4138>) was

‘n aantal senior weermag- en polisie-offisiere sowel as politieke figure besig om beslag te lê op plase wat deur ‘oorlogsveterane’ beset is. Die Minister van Verdediging, Sydney Sekeramayi (sy aktiwiteite in ZANU PF se besigheidsnetwerk is vroeër bespreek) het bykans 80 families op 13 April deur die onlustepolisie laat verwyder wat ‘n bosboulandgoed beset het in die Marondera-omgewing sodat hy kon intrek. Laat in 2001 het die Kommissaris van Polisie, Augustine Chihuri, ‘n boer in die Shamwa-omgewing, Peter Butler, van sy grond af gedwing deur ‘n kombinasie van dreigemente en besettings en het twee maande later daarvan besit geneem. Die distriksadministrateur in die gebied, Eric Samunda, het gesê dat Sekeramayi die volste reg op die toewysing van grond het en dat ‘daar geen diskriminasie is net omdat hy ‘n minister is nie’ (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4106>).

Ander amptenare wat in 2002 besit geneem het van plase wat beset is deur ‘oorlogsveterane’, was die Minister van Energie en Mynwese, Edward Chindori-Chininga, die Minister van Jeugontwikkeling en Werkskepping, Elluit Manyika, sy adjunkminister Shuvai Mahofa, asook ‘n voormalige CIO-offisier, Saviour Kasukuwere en die voorsitter van ZANU PF se jeugvleuel in Masjonaland-Wes, Dick Mafioso.

Boere het begin rapporteer dat senior lede van die weermag, polisie, CIO, lede van die uitvoerende gesag en senior ZANU PF-lede by hulle plase opgedaag het tydens ‘toere’ waartydens hierdie individue besluit het watter plase hulle wil hê (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4106>).

Op 22 April 2002 het The Times in London geskryf dat afgetrede brig. Ambrose Mutinhiri, toe ‘n ZANU PF-parlements lid vir die Marondera-Wes gebied, ‘n boer, Guy Cartwright, persoonlik ingelig dat hy Cartwright se plaas sou oorneem. Cartwright is ‘toegelaat’ om ‘n paar persoonlike goedere saam met hom te neem, maar moes so veel as moontlik op die plaas agterlaat (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4164>). Op 26 April het ‘n onafhanklike koerant, die Zimbabwe Independent, berig dat die afgetrede brigadier reeds toerusting ter waarde Z \$400 miljoen van die plaas verwyder het. Daar is ook gemeld dat die afgetrede hoof van die Zimbabwiese Weermag, genl. Solomon

Mujuru, besig was om toerusting van besette plase op te veil onder dekmantel dat dit deel sou uitmaak van bystandspakette aan plaaswerkers (<http://www.zwnews.com/issueful.l.cfm?ArticleID=4187>). Ook op 26 April het die Daily News, nog 'n onafhanklike publikasie, berig dat een van die staat se twee visepresidente, Joseph Msika, besit geneem het van 'n plaas wat deur 'oorlogsveterane' beset is in 2001. Die plaas het oorspronklik behoort aan 'n staatskorporasie, die Cold Storage Commission, maar hierdie status het oënskynlik nie besetting verhoed nie. Die 'oorlogsveterane' is in 2002 verwyder en die plaas is verdeel tussen Msika en die goewerneur van Matabeleland, Obert Mpfu. Daar is berig dat lede van die CIO 'n naburige plaas, wat ook aan die Cold Storage Commission behoort het, op 'n soortgelyke manier verkry het (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4176>).

Teen die einde van April 2002 het die Zimbabwe Independent genoem dat 'n distriksadministrateur en 'n provinsiale administrateur in Mashonaland-Wes, asook lede van die Zimbabwiese polisie, besig was om toerusting by boere in die distrik te konfiskeer en dit weg te neem in staatsvoertuie. Die toerusting het trekkers, pype, saad en sproeiers ingesluit. Verder het die goewerneur van die Matabeleland-Suid provinsie, Stephen Nkomo, en die distriksadministrateur, Eddison Mdezi, die polisie in die Beitbrug-gebied opdrag gegee om nie in politieke gebeure in te meng nie en het spesifiek daarop gewys dat dit uitsetting van boere van hul plase insluit (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4187>). Daar is ook berig dat Mugabe se suster, Sabina, vir 'n etlike tyd in 'n boer, Terry Ford, se plaas belang gestel het, en ook die plaas besoek het. Ford is in Maart 2002 vermoor, vermoedelik deur lede van 'n ZANU PF-milisie (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4196>).

Hierdie bespreking het onteenseglik bewys dat lede van die uitvoerende gesag, die weermag, polisie, die CIO, hooggeplaaste staatsamptenare en senior lede van ZANU PF, asook die groepe se kliënte, gebaat het uit - en verryk is deur - grondherverdeling in Zimbabwe wat dit ten doel gehad het om grond beskikbaar te stel aan landelike swart mense. Die volgende bespreking sal gevalle van korrupsie bespreek waarin die leierskap van Zimbabwe betrokke is.

3.1.3 'Jy het 'n oom in die regeringsbesigheid': politieke korrupsie in besigheid

Individuele gevalle van korrupsie in Zimbabwe is volop. Die bespreking sal op 'n aantal gevalle wys waar dit amptelike goedkeuring en samewerking geniet het. Die insidente is voorbeelde van waar kliënte van diegene in die uitvoerende gesag en senior staatsamptenare verryk word. Verder toon die insidente ook hoe beskermhere in die leierskap hul amptelike posisies kan gebruik om hul kliënte van hulpbronne te voorsien in die vorm van staatskontrakte of lisensies en die omseiling van regulasies.

3.1.3.1 Harare Internasionale Lughawe

In 1993 is maatskappy uitgenooi om tenders in te dien om 'n nuwe terminaal by Harare Internasionale Lughawe te bou. Die tenderraad het die kontrak aan 'n Franse maatskappy, Aéroports du Paris, toegeken. Kort daarna het Leo Mugabe, president Mugabe se neef, na vore getree namens 'n Ciprus-gebaseerde maatskappy, Air Harbour Technologies (AHT), en die tenderraad gevra dat die tenderproses weer oopgemaak moet word (Weekly Mail & Guardian 25 April, 1997). AHT is besit deur Hani Yamani, die seun van 'n minister in die kabinet van Saoedi-Arabië. Op die oorspronklike tenderlys was AHT vierde geplaas en die maatskappy het die duurste van al die tenders ingedien. Ten spyte hiervan is die tenderproses weer geopen en die kontrak aan AHT toegeken. Kort hierna het die sekretaris-generaal van die VN, Kofi Annan, se seun Kojo, by die maatskappy aangesluit as 'n direkteur. In 1999 het Yamani 'n uitval met sy besigheidsvennote gehad en 'n sewe-bladsy brief aan Mugabe geskryf. In die brief het hy die proses uiteengesit waarvolgens AHT die tender bekom het. Volgens Yamani het hy VSA \$3m in omkoopgeld betaal aan Zimbabwiese ministers wat betrokke was by die tenderproses. Die uitbetalings het ingesluit VSA \$190 000 aan Leo Mugabe (wat nie in die kabinet gedien het nie), VSA \$350 000 aan vier ministers insluitend Emmerson Mnangagwa en die Minister van Vervoer, Joyce Majuru (die eggenoot van afgetrede genl. Majuru, wie se aktiwiteite op besette plase in die vorige bespreking beskryf is). VSA \$20 000 ook aan Zidco Holdings uitbetaal asook 'n VSA \$1m bydrae vir 'n nuwe private woning vir Mugabe. Mugabe se reaksie op die brief is onbekend en geen verdere stappe is geneem nie (Meredith, 2002:99; Stiff, 2000: 314).

3.1.3.2 Die War Veterans Compensation Fund

In Desember 1996 het 'n brigadier in die Zimbabwiese weermag, Gibson Mashingaidze, die regering tydens 'n begrafnis beskuldig dat dit oudstryders van die destydse guerilla-oorlog in die steek gelaat het. Drie maande later moes uitbetalings van die liggaam wat veronderstel was om oudstryders finansiëel te ondersteun, die War Victims Compensation Fund, gestaak word omdat die fonds se begroting van VSA \$40m vir die jaar reeds binne die eerste agt maande spandeer is. Onder die War Victims Compensation Act kon oudstryders 'n jaarlikse bedrag eis in verhouding tot hulle beserings en ongeskiktheid (Meredith, 2002: 133-5).

Margaret Dongo, 'n voormalige lid van ZANU PF wat toe as 'n onafhanklike kandidaat tot die parlement verkies is, het die saak in die parlement geopper. Mugabe het vroeg in 1997 'n kommissie van ondersoek aangewys onder leiding van Regter Chidyausika (wat later vir hoofregter Anthony Gubbay sou vervang). Die kommissie het gevind dat Reward Marufu, 'n beampte in Mugabe se kantoor, omtrent VSA \$70 000 van die War Victims Compensation Fund geëis en ontvang het, vir 'n 'litteken op sy linkerknie'. Hy is as 95% ongeskik by die Fonds geregistreer. Die kommissaris van die polisie, Augustine Chihuri, het sowat Z\$138 635 van die Fonds ontvang vir velontsteking in sy linkervoet. Die Hoof van die Lugmag en Mugabe se neef, Perence Shiri, het Z\$90 249 ontvang vir 'n gewrigsontsteking en traumatiese stressindroom. Die Hoof van die Weermag, luitenant-generaal Vitalis Zvinavashe, het Z\$ 224 395 ontvang vir velallergie en borsbeserings en die Minister van Vervoer, Joyce Majuru, sowat Z\$ 389 472 vir slegte visie en traumatiese stressindroom. Regter Chidyausika is self in die verleentheid geplaas toe hy uitgevind het dat van sy familieleden betrokke was by die uitbetalings. Margaret Dongo het beweer dat Mugabe en sekere kabinetsministers elk uitbetalings van Z\$850 000 (R327 433) ontvang het. Die assessor van die Fonds, wat verantwoordelik was vir die uitbetalings, het homself as 117% ongeskik aangegee en 'n uitbetaling van Z \$517 536 (VSA \$43 300) ontvang. Hy is in Julie 1998 voor die hof gedaag maar is onskuldig bevind. Geen stappe is geneem teen ander enige persone wat bedrogbetalings ontvang het nie. Terselfdertyd het oudstryders van die ZNWVA beswaar gemaak teen die korrupsie en bedrog met die uitbetalings en het in protesoptogte in Julie 1997 in Harare onmiddellike vergoeding

geëis. Dit het die regering gedwing om teen middel 1998 'n onbegrote uitbetaling van VSA \$350m te maak. Die voorsitter van die ZNWVA, Chenjerai Hunzvi was ook die assessor van die War Victims Compensation Fund (Meredith, 2002: 134,137,145; Weekly Mail&Guardian, 25 April 1997).

3.1.3.3 Econet

In 1993 wou Strive Masiyiwa, 'n suksesvolle besigheidsman, Zimbabwe se eerste sellulêre telefoonmaatskappy begin. Die Zimbabwiese Post & Telecommunications Commission (PTC) het sy aanbod om 'n gesamentlike onderneming te begin van die hand gewys. Daarna het hy sy eie maatskappy, Econet, begin. Die regering het toe beweerd dat die PTC die alleenreg het om 'n sellulêre netwerk te bestuur. In Desember 1995 het die Hooggeregshof die PTC se monopolie ongrondwetlik verklaar (Meredith, 2002: 101). Kort nadat Econet sellulêre stasies reg oor die land opgerig het, het die Minister van Vervoer en Kommunikasie, Joyce Mujuru 'n reeks regulasies afgekondig waaraan sellulêre maatskappye moes voldoen. Masiyiwa se bedrywighede is gevolglik vertraag en die PTC het die geleentheid gebruik om sy eie sellulêre onderneming te stig. In September 1996 het die Hooggeregshof die regering beveel om aan Econet 'n sellulêre lisensie toe te staan. Teen hierdie tyd het 'n groep genaamd Telcel aansoek gedoen om 'n tweede sellulêre netwerk te begin. Telcel is deur 'n burger van die DRK (toe Zaïre) en 'n Amerikaner besit. Die groep het verskeie plaaslike individue as vennote gehad, onder andere die president se neef, Leo Mugabe, en Phillip Chiyangwa (wie se aktiwiteite reeds beskryf is in die besprekings oor die amptelike aanmoediging van geweld en oor ZANU PF se besigheidsnetwerk). 'n Ander vennoot was James Makamba, 'n sakevennoot en vertroueling van die afgetrede genl. Mujuru (sy aktiwiteite op besette plase is reeds beskryf) en eggenoot van Joyce Mujuru. Telcel se aansoek om 'n lisensie vir 'n tweede sellulêre netwerk was suksesvol (Meredith, 2002:102; Weekly Mail&Guardian, 25 April 1997).

Masiyiwa het daarop aangedring om Telcel se tenderdokumente te ondersoek. In Desember 1997 het die Hooggeregshof die toekenning van Telcel se lisensie tersyde gestel op grond van 'onverskoonbare tekortkominge' in die tenderprosedure. Hierna het

Leo Mugabe hom na sy oom gewend; hy en sy vennote wou 'n 25% minderheidsaandeel in Telcel gehad het. Masiyiwa het geweier en president Mugabe het nie sy neef se saak verder gevoer nie. Econet het in Julie 1998 begin opereer en het teen die einde van die jaar meer as helfte van die Zimbabwiese mark vir sellulêre inskrywers gehad (Meredith, 2002: 102).

Hierdie bespreking het getoon dat ZANU PF 'n uitgebreide besigheidsnetwerk besit wat senior lede van die party en lede van die uitvoerende gesag en hul kliënte verryk asook finansiële hulpbronne tot hulle beskikking stel. Die noue betrokkenheid van kabinetslede in die netwerke, is 'n goeie illustrasie van 'staatsentrepreneurs' wat hulle amptelike posisies vir hul eie private gewin en vir dié van hul kliënte gebruik. Verder het dit ook getoon dat lede van ZANU PF, lede van die uitvoerende gesag, hooggeplaaste offisiere in die weermag, polisie, CIO en selfs lede van die regsbank gebaat het by die regering se grondherverdelingsplanne. Die oordrag van plase is 'n voorbeeld van die hulpbronne wat tot sulke individue se beskikking gestel word. Die feit dat hulle vrygestel word van staatsregulasies ten einde hulself te verryk is ook 'n manier waarop hulle lojaliteit aan die ZANU PF-regering verseker word. Laastens is daar getoon dat die leierskap en hul kliënte hulself verryk uit die wanaanwending van staatsfondse en manipulasie van die privaatsektor. In beide die gevalle is die leierskap se amptelike posisies instrumenteel om toegang tot hulpbronne te bewerkstellig en hul kliënte is ook vrygestel van staatsregulasies aangaande omkoperij, bedrog of die wanbesteding van staatsgeld. Sulke gedrag wys weer eens op die teenwoordigheid van 'staatsentrepreneurs' en sulke gevalle dien as voorbeelde van die leierskap wat hulself verryk en hul kliënte geleenthede gun om dieselfde te doen.

Die volgende bespreking sal die uitbreiding van Zimbabwiese kliëntenetwerke na die DRK ondersoek.

3.2 Zimbabwiese kliëntenetwerke en korrupsie in die DRK

Hierdie bespreking sal illustreer hoe lede van die Zimbabwiese leierskap en hul kliënte hulself verryk uit Zimbabwe se militêre betrokkenheid in die DRK. Die argument is dat die gebruik van amptelike posisies om hulself te verryk die leierskap laat kwalifiseer as staatsentrepreneurs. Lede van die leierskap is op hulle beurt in 'n vennootskap met hul eweknieë in die regering van die DRK wat in die dieselfde proses meedoen. Die gebruik van staatstrukture om in die DRK in te meng, sodat bestaande kliëntenetwerke in Zimbabwe na daardie staat kan uitbrei, maak van Zimbabwe 'n aasvoëlstaat. Die struktuur van die Zimbabwiese weermag, die middel waardeur selfverryking in die DRK deur die bogenoemde groepe gëiniseer is, word in Diagram 2 uiteengesit.

Eerstens sal die begin van Zimbabwe se betrokkenheid in die DRK bespreek word. Daarna sal die staat se betrokkenheid in diamantontginning, houtkonsessies, koper- en kobaltontginning en lugvaartmaatskappye in die DRK bespreek word. 'n Reeks winsgewinde aktiwiteite, soos diamantsmokkelary en staatskontrakte aan regeringsamptenare se maatskappye, wat die bogenoemde groepe bevoordeel, sal daarna uitgelig word. Laastens sal daar geargumenteer word dat Zimbabwe se betrokkenheid in die DRK die staat laat kwalifiseer as 'n aasvoëlstaat.

In Mei 1997 het president Mobutu Sese Seko van wat toe Zaïre was, gevlug voor 'n rebelle-aanslag. 'n Maand later het Laurent Kabila, die leier van die rebelle, die land se nuwe president geword. Kort daarna is die land se naam verander na die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) (Weekly Mail&Guardian, 6 Junie 1997; Weekly Mail&Guardian, 23 Desember 1997). Op 2 Augustus 1998 het 'n nuwe rebellie, dié keer gemik teen Kabila se regering, met ondersteuning van Uganda en Rwanda uitgebreek (Stiff, 2000: 253).

Op 18 Augustus 1998 het Mugabe in sy hoedanigheid as voorsitter van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se veiligheidsliggaam, die Orgaan vir Politiek, Verdediging en Sekuriteit, aangekondig dat die SAOG op die krisis in die DRK sal reageer, siende dat die land 'n lid van die organisasie was. Zimbabwe het ongeveer

3 000 troepe na die DRK gestuur om Kabila se regering te ondersteun. Angola en Namibië het kleiner kontingente gestuur. Zimbabwe se troepegetalle in die DRK sou styg tot 13 000 gedurende 2000 en daarna stabiliseer op ongeveer 11 000 (<http://www.oneworld.org-globalwitness>; Stiff, 2000: 258).

3.2.1 Zimbabwiese betrokkenheid in diamantontginning

In laat 1998 het die Zimbabwiese weermag 'n onderneming genaamd 'Operation Sovereign Legitimacy' (OSLEG) in die lewe geroep. Volgens die Veiligheidsraad van die VN (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>) en die Helen Suzman-stigting (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html) sou die onderneming dien as die besigheidsarm van die Zimbabwiese weermag in die DRK. OSLEG se aktiwiteite word gekoördineer deur 'Zimbabwean Defence Industries' (ZDI), 'n onderneming wat alle kommersiële aktiwiteite van die Zimbabwiese weermag behartig (die ZDI se aktiwiteite sal later verder bespreek word). Die aandeelhouders in OSLEG is Lt.genl. Vitalis Zvinavashe, die Hoof van die Zimbabwiese weermag, Job Whabira, permanente sekretaris in die Departement van Verdediging, Onesimo Moyo, die president van die Mineraalbemarkingskoöperasie van Zimbabwe, en Isiah Ruzengwe, die algemene bestuurder van die Mynontwikkelingskoöperasie van Zimbabwe (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>).

JOHANNESBURG

Volgens die Veiligheidsraad van die VN (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>) het 'n afvaardiging van Zimbabwiese amptenare, wat OSLEG verteenwoordig het, die Kasai-streek in die DRK laat in 1998 besoek met die oog op die verkryging van diamantkonsessies. Die konsessies sou dien as vergoeding vir Zimbabwiese militêre hulp aan die Kabila-regering. Die afvaardiging is gelei deur Emmerson Mnangagwa, wat toe in die Zimbabwiese kabinet gedien het as Minister van Justisie en Parlementêre Aangeleenthede (in Julie 2000 is hy verkies as Speaker van die Zimbabwiese parlement en in November 2000 is hy as Sekretaris van Administrasie van ZANU PF aangewys). Mnangagwa se rol in ZANU PF se besigheidsnetwerk is vroeër bespreek. Lt.genl. Zvinavashe, die Hoof van Weermag, en Movan Mahachi, die Minister van Verdediging, was ook deel van die groep. Later het Kadende Muya, die president van die DRK se grootste diamantprodusent, *Miniëre de Bakangwa* (MIBA), ook by die afvaardiging

aangesluit (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>; Africa Confidential, 22 Desember 2000, vol 41 (2)). Selfs in dié vroeë stadium van die Zimbabwiese betrokkenheid in die DRK het Mnangagwa in beide Zimbabwe se sakebelange en militêre operasies 'n sleutelrol gespeel. Hy het direk aan Mugabe gerapporteer aangaande gebeure in daardie land en het Mahachi heeltemal uitgesluit. Lt.genl. Zvinavashe het op sy beurt ook direk aan Mugabe gerapporteer. Mahachi, wat die bynaam 'tea-boy' by van sy kollegas in die kabinet gekry het weens sy magteloosheid in sy eie portefulje, het op een stadium gedreig om te bedank - hoofsaaklik weens Mnangagwa se oornam van sy verantwoordelikhede. Hy is egter oorreed om in die kabinet aan te bly (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html).

Die OSLEG-delegasie het daarna in 'n vennootskap getree met 'n DRK-onderneming, Comiex-Congo, om die voorgenome konsessies te ontgin. Comiex-Congo is bestuur deur Pierre-Victor Mpoyo, die Minister in die Kantoer van die President van die DRK. Comiex-Congo is die besigheidsplatform van die DRK-regering en was baie nou verbind met president Laurent Kabila. Volgens 'n verslag van Global Witness, 'n organisasie wat homself beywer vir omgewingsake, was Kabila 'n hoofaandeelhouer in die onderneming. Die DRK se Minister van Mynwese, Frédéric Maliba, het 'n prominente rol gespeel in die onderhandeling tussen die Zimbabwiërs (wat OSLEG verteenwoordig het) en hul eweknieë in die DRK. Die resultaat van die samesprekings was 'n gesamentlike onderneming tussen OSLEG en Comiex-Congo, genaamd COSLEG. (<http://www.oneworld.org-globalwitness>; <http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>; Africa Confidential, 9 Junie 2000, vol 41 (12)). Die vennootskapsoreenkoms tussen OSLEG en Comiex-Congo laat geen twyfel oor wat OSLEG in gedagte gehad het in die DRK nie. Die ooreenkoms bepaal dat OSLEG 'has the resources to protect and defend, support logistically, assist generally in development of commercial ventures to explore, research, exploit and market the mineral, timber, and other resources held by the state of the Democratic Republic of the Congo' (<http://www.oneworld.org-globalwitness>)

Daar is ook ooreengekom dat OSLEG permanente verteenwoordiging in die DRK sou verkry. Die amptenare wat dit sou behartig was kol. Francis Zvinavashe (lt.genl. Zvinavashe se broer), maj.genl. Dauramanzi en brig. John Moyo (Stiff, 2000: 256).

Volgens 'n verslag van die VN se Veiligheidsraad (http://www.un.org/Docs/sc/letters_/2001/357e.pdf; <http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>), het COSLEG nie die finansiële of tegniese vermoëns gehad om die potensiële konsessies te ontgin nie. Gevolglik het COSLEG vir Oryx Natural Resources, 'n mynmaatskappy wat in die Kaaimaneilande geregistreer is, genader om die kundigheid en finansiering te verskaf. Die voorsitter van Oryx Natural Resources was Thamer Al Shanfari, die seun van die voormalige Minister van Olie in Oman, Saeed Bin Ahmed Shanfari. COSLEG en Oryx Natural Resources het 'n gesamentlike onderneming gevorm wat as OryxZimcon Ltd bekend sou staan. Volgens die Zimbabwiese register van maatskappye is beide COSLEG en OryxZimcon Ltd se hoofkwartiere geregistreer as die Ministerie van Verdediging in Harare. Op die advies van onder andere minister Mpoyo, het president Kabila laat in 1998 twee van MIBA se beste diamantkonsessies aan OryxZimcon Ltd oorgedra. Die konsessies was die Tshihusamyn met kimberlietdeposito's en die Senga-Sengamyn, 'n bron van spoeldiamante. Die Zimbabwiese weermag het reeds verskeie myne bewaak en was in *de facto* beheer daarvan. Die twee myne sou funksioneer as 'n enkele entiteit onder OryxZimcon Ltd en bekend staan as Sengamines. Dit is 'n 25 jaar-konsessie. Sibeka, 'n Belgiese firma wat 'n 20% aandeel in MIBA gehou het, is glad nie geraadpleeg in die oorhandiging van die twee myne nie. Shanfari het met produksie begin en het John Bredenkamp se Breco-groep gebruik om toerusting na die myne te vervoer (meer oor John Bredenkamp en sy bande met Mnangagwa later) (http://www.un.org/Docs/sc/letters_/2001/357e.pdf; <http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>; Africa Confidential 9 Junie 2000, vol 41 (3); Africa Confidential, 22 Maart 2002, vol 43 (6)).

In Januarie 2000 het OryxZimcon Ltd 'n nuwe onderneming gestig wat Sengamines sou bestuur, naamlik Oryx Diamonds (Pty) Ltd. Shanfari wou Oryx Diamonds (Pty) Ltd op die Londense Aandelebeurs noteer, maar kontroversie het losgebars toe dit bekend geraak het dat Zidco Holdings, 'n liggaam wat dien as ZANU PF se besigheidsarm (Zidco

Holdings se aktiwiteite is reeds bespreek), 'n aandeel daarin sou besit (Africa Confidential, 21 Julie 2000, vol 41 (5); Stiff, 2000: 255). In Julie 2000 is die Minister van Mynwese van die DRK, Frédéric Maliba, wat 'n groot rol in die toekenning van die konsessies gespeel het, gearresteer (Africa Confidential, 9 Junie 2000, vol 41 (12)). Shanfari het Oryx Diamonds (Pty) Ltd se aansoek in September 2000 onttrek (Stiff, 2000: 256). Ten spyte van die terugslag het die bogenoemde belange in plek gebly tot in 2002. Oryx Diamonds (Pty) Ltd het die bestuur van Sengamines behartig. Na die sluipmoord op Laurent Kabila op 16 Januarie 2001 het sy seun, Joseph Kabila, die presidensie oorgeneem. Hy het Pierre-Victor Mpoyo in sy pos as Minister in die Kantoer van die President laat aanbly (Africa Confidential, 23 Maart 2001, vol 42 (6)).

Die presiese struktuur van eienaarskap en verdeling van winste van Sengamines bly onduidelik. Volgens 'n verslag wat in November 2001 deur die VN se Veiligheidsraad (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>) vrygestel is, beweer die verteenwoordigers van Comiex-Congo en Sengamines dat Oryx Diamonds (Pty) Ltd 49% van Sengamines besit, Comiex-Congo 33,8% en MIBA 16%. Die oorblywende 1,2% behoort aan verskeie individue. Korrespondensie tussen Sengamines en Petra Diamonds, 'n Suid-Afrikaanse onderneming wat die vervoer van Sengamines se diamante behartig, wys egter 'n ander struktuur. Hiervolgens word die winste verdeel tussen Oryx Diamonds (Pty) Ltd (40%), OSLEG (40%) en COSLEG (20%). Die laasgenoemde winsverdeling benadeel die Kongolese vennote aansienlik in vergelyking met die eersgenoemde verdeling en sluit MIBA heeltemal uit. Die VN se ondersoekspan het ook bevind dat geen winste aan die regering van die DRK (vermoedelik in die vorm van Comiex-Congo) oorbetaal sou word totdat die DRK 'n lening van VSA \$25m aan die Zimbabwiese regering terugbetaal het nie. Verder het die oordrag van die Sengamines-konsessie MIBA onherstelbaar verswak aangesien dit die produsent se laaste waardevolle myne was. Daar word gespekuleer dat MIBA gelikwieder sou word en Sengamines dan die vernaamste diamantprodusent in die DRK sou word.

3.2.2 Zimbabwiese betrokkenheid in houtkonsessies

In Januarie 2000 is 'n gesamentlike onderneming, COSLEG, gestig deur die Zimbabwies-gebaseerde OSLEG en Comiex-Congo, 'n DRK-gebaseerde onderneming. Vier bosboukonsessies is aan die einde van 1999 aan COSLEG toegeken deur die regering van die DRK. Om hierdie konsessies te ontgin, het COSLEG 'n filiaalmaatskappy genaamd *Sociètè Congolaise d' exploitation du bois* ('The Congolese Society for the Exploitation of Timber' (SOCEBO) gestig (<http://www.oneworld.org-globalwitness>).

Die konsessies wat die Kabila-regering aan SOCEBO toegeken het, was in die provinsies Katanga, Kasai, Bandundu en Bas-Congo (<http://www.oneworld.org-globalwitness>). Volgens 'n verslag van die VN se Veiligheidsraad wat in November 2001 vrygestel is (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>) word 98% van SOCEBO se aandele deur COSLEG besit. Die oorblywende 1,2% behoort aan individue insluitend kol. Francis Zvinvashe, die broer van die hoof van die Zimbabwiese weermag en permanente verteenwoordiger van OSLEG in die DRK. Die vier konsessies het 'n totale oppervlakte van 33 miljoen hektaar beslaan, 10 keer die grootte van Switserland en een 'n half keer so groot soos die Verenigde Koninkryk. Die eerste konsessie was veronderstel om teen 30 April 2000 aktief te wees. Die houtkappery sou deur personeel van die Zimbabwiese weermag gedoen word en die tegniese aspekte sou hanteer word deur die Zimbabwiese Bosboukommissie. SOCEBO het verwag dat die onderneming sowat VSA \$300m in die eerste drie jaar van bedrywigheide sou oplewer. Werk is egter laat begin omdat kostes om die nodige infrastruktuur daar te stel na beraming sowat VSA \$30–40m per konsessie sou beloop (<http://www.oneworld.org-globalwitness>). Werk is verder vertraag omdat sowat VSA \$600 000 verduister is deur amptenare werksaam in die Minerals Business Company (MBC), 'n Zimbabwiese filiaal van COSLEG wat mineraalontginning in Zimbabwe koördineer. Meer oor die MBC later.

In Julie 2001 het SOCEBO 'n gesamentlike onderneming met Western Hemisphere Capital Management (WHCM) begin. Die maatskappy is op die eiland Man geregistreer en word besit deur Elkin Panim, die voormalige skoonseun van die internasionale

mediamagnaat, Rupert Murdoch. Die onderneming het bekend gestaan as SAB-Congo en sou die konsessie in die Katanga-gebied ontwikkel. Soos in die geval van die MIBA-konsessie wat Sengamines geword het, word die kapitaal en toerusting verskaf deur 'n buitevennoot, in dié geval Panim se WHCM (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>; Chenoweth, 2001: 296). WHCM besit 60% van die aandele in SAB-Congo, SOCEBO 35% en die Kongolese staatsbeheerde instituut vir landbou, *Institut National pour l'étude et la recherche agronomique* 5%. In die middel van 2001 het die Zimbabwiese weermag begin met ekstensiewe houtkapoperasies in samewerking met SAB-Congo. Teen die einde van 2001 het SOCEBO begin onderhandel met Assetfin, 'n Zimbabwiese maatskappy, om nog 'n konsessie te ontwikkel (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>).

3.2.3 Zimbabwiese betrokkenheid in koper- en kobaltontginning

3.2.3.1 Emmerson Mnangagwa, Billy Rautenbach en Ridgepointe Ltd

Daar is vroeër aangetoon dat die Speaker van die Zimbabwiese parlement (toe nog Minister van Justisie en Parlementêre Aangeleenthede), Emmerson Mnangagwa, nou betrokke was by Zimbabwiese ekonomiese aktiwiteite in die DRK. Daar is ook op gewys dat hy 'n vertroueling van Mugabe was (tot nadeel van die Minister van Verdediging). Hy was ook 'n noue vennoot van die Minister in die Kantoor van die President, Pierre-Victor Mpoyo.

Verder het Mnangagwa se vennote in die DRK twee blanke besigheidsmanne ingesluit, Billy Rautenbach en John Bredenkamp, alhoewel sy kollegas in die kabinet nie altyd die vriendskappe goedgekeur het nie (Africa Confidential, 5 November 1999, vol 40 (22)). Volgens die Veiligheidsraad van die VN het die regering van die DRK in die middel van 1998 ingestem om vir Zimbabwe se militêre hulp te betaal met mineraalkonsessies. Laat in 1998, in dieselfde tyd as wat die OSLEG-afvaardiging die DRK besoek het (die besoek is reeds bespreek), was Mnangagwa besig met persoonlike onderhandelings met Kabila aangaande koper- en kobaltkonsessies van die land se grootste mineraalprodusent, Gecamines (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>; Stiff, 2000: 254).

Teen die einde van November 1998 het Kabila en Mugabe persoonlike samesprekings gevoer. Tydens die gesprek het Mugabe persoonlik versoek dat Billy Rautenbach ('n man wat hoegenaamd geen mynervaring gehad het nie) aan die hoof geplaas moet word van die Gecamines-groep. Die volgende dag het Kabila aangekondig dat Rautenbach aangewys is tot die poste van voorsitter van Gecamines se raad en hoof-uitvoerende amptenaar (http://www.un.org/Docs/sc/letters_/2001/357e.pdf; Stiff, 2000L 254). Frédéric Maliba, die Kongolose Minister van Mynwese, het ook 'n groot rol gespeel in die toekenning van hierdie konsessies aan Rautenbach. Volgens die ooreenkoms wat deur Mnangagwa, Mugabe en Kabila uitgewerk is, sou Gecamines se beste kobaltmyne oorgeplaas word na 'n vennootskap tussen Rautenbach se Ridgepointe Ltd en die Central Mining Group, 'n Kongolose maatskappy wat beheer word deur die Minister in die Kantoor van die President, Pierre-Victor Mpoyo (Mpoyo se rol in die Comiex-Congo onderneming wat in diamantonginning betrokke is, is reeds bespreek.) Mpoyo het die ooreenkoms onderteken in sy hoedanigheid as 'n amptenaar verbonde aan Ridgepointe Ltd en nie as lid van die DRK se kabinet nie. Nieteenstaande sy verantwoordelikhede by Gecamines sou Rautenbach ook dien as die besturende direkteur van die gesamentlike onderneming - 'n duidelike botsing van belange. Volgens 'n addendum tot die ooreenkoms wat nie saam met die oorspronklike ooreenkoms uitgereik of gepubliseer is nie, sou winste uit die gemeenskaplike onderneming se koper- en kobaltverkope verdeel word tussen die DRK-regering, wat 62,5% sou verkry, en Ridgepointe Ltd, wat 37,5% sou verkry. Van die DRK-regering se deel van die winste sou tussen 20% en 30% direk oorbetaal word aan die Zimbabwiese regering as vergoeding vir daardie land se betrokkenheid in die DRK ter ondersteuning van Kabila. Verder sou Gecamines ook enige aanspraak in die toekomstige winste van die gesamentlike onderneming ontsê word omdat die groep se beste myne nou buite sy beheer was. Daar is ook gerapporteer dat lede van die uitvoerende gesag en hooggeplaaste staatsamptenare in beide die Zimbabwiese en DRK regerings groot *ex gratia* uitbetalings van Ridgepointe Ltd ontvang het (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>; Africa Confidential, 5 November 1999, vol 40 (22)).

Rautenbach het koper- en kobaltproduksie van sowel Gecamines- as die Ridgepointe Ltd-konsessies aan Marc Rich Investments verkoop vir bemarkingsdoeleindes. Die onderneming het aan Marc Rich behoort, wat reeds in die VSA gesoek is op klagtes van bedrog en op daardie stadium in Switserland woonagtig was. In die laaste dae van die Clinton-administrasie in die VSA was Rich op 'n lys van persone wat presidensiële kwytskelding sou ontvang, maar dit het nooit gerealiseer nie (Africa Confidential, 5 November 1999, vol 40 (22)). Tydens Rautenbach se termyn as hoof uitvoerende amptenaar van Gecamines het hy, volgens die VN se Veiligheidsraad, maatskappyfondse gebruik om Zimbabwiese troepe 'n maandelikse toelaag, vermoedelik in VSA Dollar, te betaal (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/357e.pdf>; Stiff, 2000: 257).

In April 2000 is Rautenbach se mynkonsessie aan Ridgepointe Ltd so vinnig onttrek as wat dit toegeken is. Kabila het hom daarvan beskuldig dat hy winste van Gecamines oorgeplaas het na 'n ander maatskappy, nie die DRK-regering se deel van die winste oorbetaal het nie en koper in Suid-Afrika opgepot het. Daar was reeds vroeëre pogings deur die DRK-regering om Rautenbach te ontslaan, maar Mnangagwa het persoonlik ingetree om hom te beskerm. In April 2000 moes Rautenbach sy pos as voorsitter van die Gecamines se raad ontruim ten gunste van Jean-Claude Forrest, 'n Belg wat in Nieu-Seeland gebore is. Forrest het skynbaar die ondersteuning van die Belgiese myngroep SIBEKA gehad. Daarna is Rautenbach van al sy posisies in die DRK onthef. Terselfdertyd het die kantoor van die Openbare Beskermer in Suid-Afrika aangekondig dat Ridgepointe Ltd vir 'n reeks oortredings ondersoek sal word, insluitend bedrog en wapensmokkelary. Volgens berigte het Mnangagwa onsuksesvol probeer om die Suid-Afrikaanse owerhede te nader om Rautenbach te beskerm. Verder is Rautenbach se Hyundai Motor Distributors, wat Hyundai-motors in Botswana vervaardig en in Suid-Afrika bemark het, in 2000 gelikwideer. Daar is reeds genoem dat die Kongolese Minister van Mynwese, Frédéric Maliba, wat 'n rol gespeel het in die toekenning van die koperkonsessies aan Rautenbach, in Junie van dieselfde jaar gearresteer is (Africa Confidential 17 Desember 1999, vol 40 (23); 14 September 2001, vol 42 (18); Stiff, 2000: 256). Rautenbach se finansiële hulpbonne was egter nog lank nie uitgeput nie. Volgens Africa Confidential (5 November 1999, vol 40 (22)) besit hy ongeveer 150

maatskappye wat versprei is tussen 11 Afrika-state, die VSA, en die Britse Maagde-eilande. Van daardie maatskappye is 40 geregistreer in die Britse Maagde-eilande onder die naam International Business Companies. Regulasies in die eilande laat dit toe dat die eienaarskap van die maatskappye geheim gehou kan word. Verder is al sy maatskappye in twee diskresionêre trusts in Jersey en Brittanje geregistreer, naamlik die Sinai en El Hara trusts. Die einde van Rautenbach se bedruwigthede het egter nie die einde van Zimbabwiese betrokkenheid in koper- en kobaltontginning in die DRK beteken nie.

3.2.3.2 *Emmerson Mnangagwa, John Bredenkamp en KMC*

Luidens die Britse publikasie, The Spectator (<http://www.spectator.co.uk/article.php3?table=old§ion=current&issue=2002-05-18&id=1756&searchText=john%20bredenkamp>) van Mei 2002, is Arnold John Bredenkamp die 33 rykste man in Brittanje en besit hy bates ter waarde van om en by Britse £720m. Die voormalige kaptein van die destydse Rhodesiese rugbyspan het later 'n loopbaan gemaak in die omseiling van sanksies teen Ian Smith se regering. Hy hou 'n beheerende aandeel in die Breco-groep maatskappye. Die groep sluit in Scotlee Resorts en Midwest Aviation & Trading. Laasgenoemde is 'n onderneming wat wapens van groot Westerse verdedigingsgroepe bemark. Verder besit hy ook 'n petroleumaatskappy, Petraf (Africa Confidential, 22 Maart 2002, 5 April 2002 vol 43 (6)). In 1993 het hy sy tabak- en wapenbemarkingsonderneming, Casalee, vir VSA \$150m verkoop.

In 1999 het hy VSA \$50m aan die staatsaankoper en verspreider van petrol, National Oil Company of Zimbabwe (NOCZIM), verskaf nadat die korporasie se verskaffers in Koeweit geweier het om NOCZIM se kredietfasiliteite te verleng. Saam met Rautenbach is Bredenkamp een van die Speaker van die Zimbabwiese parlement, Emmerson Mnangagwa, se sleutelsakevennote. In 1999 het Bredenkamp aan vriende te kenne gegee dat hy Mnangagwa 'posisioneer' om Mugabe op te volg (Africa Confidential, 5 November 1999, vol 40 (22); 22 Maart 2002, vol 43 (6); 5 April 2002, vol 43 (7)). Deels deur Rautenbach en Mnangagwa se toedoen het Bredenkamp laat in 2000 'n vertroude vennoot van die reeds gemelde Pierre-Victor Mpoyo van die DRK geword (Africa Confidential, 23 Maart 2001, vol 42 (6)).

Volgens 'n VN Veiligheidsraadverslag van November 2001 (<http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001/1072e.pdf>), het die regering van die DRK in Januarie 2001 onder druk van die Zimbabwiese regering toegestem dat Tremalt Ltd, 'n maatskappy wat deur Bredenkamp besit en bestuur word, 'n gesamentlike onderneming met die koperprodusent, Gecamines, begin. Die onderneming sou dan koper van Gecamines se *Groupe Central* se koper- en kobaltmyne in die Katanga-koperbelt ontgin. Die gesamentlike onderneming wat in die lewe geroep is, staan bekend as die 'Kabembola Mining Corporation' (KMC) en word bestuur deur Bredenkamp. Hy het omtrent VSA \$50m in KMC se werksaamhede geïnvesteer en besit 80% van die onderneming. Die konsessie is vir 'n periode van 25 jaar toegestaan en het Gecamines se oorblywende rykste konsessies ingesluit. Die winste van die onderneming sou verdeel word tussen die regering van die DRK (68%) en Tremalt Ltd (32%) (Africa Confidential, 20 April 2001, vol 42 (8); 4 Mei 2001, vol 42 (9)). Die konsessie kan ook te danke wees aan Bredenkamp se hegte vriendskap met president Joseph Kabila, die seun van Laurant Kabila wat die presidensie oorgeneem het na die sluipmoord op sy pa op 16 Januarie 2001. Bredenkamp het die jong Kabila gereeld tydens sy oorsese staatsbesoeke vergesel en dit was algemeen bekend dat die twee goed oor die weg gekom het (Africa Confidential, 23 Maart 2001, vol 42 (6); 20 April 2001, vol 42 (8)).

Dit is onseker watter, indien enige deel van die winste van die KMC na staatstrukture van Zimbabwe gaan. Op grond van wat in vroeëre besprekings aangetoon is in verband met konsessies in hout, diamante en Ridgpointe Ltd se koper- en kobaltbelange, is dit nie onredelik om te vermoed dat Zimbabwiese staatstrukture 'n gedeelte van die winste sal ontvang as vergoeding vir die staat se hulp aan die Kabila-regering nie.

Die volgende bespreking sal Zimbabwiese betrokkenheid in private lugvaart in die DRK ondersoek.

3.2.4 Zimbabwiese betrokkenheid in lugvaart in die DRK

In November 1999 het Anthony Kates, die hoof- uitvoerende amptenaar van 'n Harare-gebaseerde maatskappy, CIE Mercantile, Aviant Air gestig. Saam met Aviant Air het hy ook 'n filiaal gestig wat in Suid-Afrika gebaseer is, Anton Air. Volgens Lewis Kling, Anton Air se kantoorbestuurder in Harare, is die onderneming 'n vragmaatskappy wat meestal in die DRK opereer (Africa Confidential 15 September 2000).

Kates is 'n vertroude vennoot van beide Emmerson Mnangagwa en Jayan Joshi. In werklikheid is Aviant Air gestig op inisiatief van Mugabe se neef en die Hoof van die Lugmag, die reeds genoemde lugmaarskalk Perence Shiri, in alliansie met Mnangagwa. Volgens militêre bronne in Zimbabwe besit Zidco Holdings 'n groot belang in Aviant Air, alhoewel die presiese persentasie onbekend is (Africa Confidential 15 September 2000, vol 41 (18); 22 Maart 2002, vol 43 (6); Stiff, 2000: 257).

Geen dokumentasie oor Aviant Air is in Zimbabwe verkrygbaar nie. Die onderneming speel wel 'n baie belangrike rol in Zimbabwiese militêre bedrywighede in die DRK. Nadat dit gestig is, het Aviant Air 35 vegvliegtuigloodse vanuit die Oekraïene gehuur om 4 Antanov A26 en een Antanov A12-vragvliegtuie te vlieg. Die vliegtuie is aangepas om bomme uit die vragruim te gooi en het Zimbabwiese troepe, asook die groepe wat met hulle geallieer was, van wapens en kos uit die lug voorsien. Verder vlieg die bemanning ook verskeie Mig 21-vegvliegtuie en Mi 24-aanvalshelikopters ter ondersteuning van die Zimbabwiese troepe. Teen die middel van 2000 was Kabila se regering reeds VSA\$1.2m aan Aviant Air verskuldig, waarvan die helfte in Augustus 2000 betaal is na druk deur die Zimbabwiese regering en ZANU PF. Aviant Air word bestuur deur Andrew Smith, 'n voormalige ingenieur in die Royal Gurkhas, 'n eenheid in die Britse weermag. Die onderneming verkoop ook vliegtuigonderdele aan die DRK se lugmag wat dit verkry van sy filiaal in Suid-Afrika, Anton Air. Die onderneming word bestuur deur 'n voormalige Russiese vegvlieënier, Victor Granof. Die onderneming se hoofkantore is in Gauteng en daar is 'n werkswinkel in Bulawayo, Zimbabwe (Africa Confidential 15 September 2000, vol 41 (18)).

Die voorafgaande bespreking het getoon dat hooggeplaaste amptenare in die Zimbabwiese weermag, ZANU PF en lede van die uitvoerende gesag 'n besigheidsnetwerk met behulp van die Zimbabwiese militêre betrokkenheid in die DRK geskep het waarby hulle finansiële baat vind. Dit sluit gesamentlike ondernemings in waarvolgens COSLEG diamant- en houtkonsessies verkry het. Daar is ook getoon dat bogenoemde Zimbabwiese groepe betrokke was in koper- en kobaltontginning asook in lugvaart. Verder het lede van die Zimbabwiese leierskap hul invloed in die Zimbabwiese proses van beleidformulering gebruik om die toekenning van konsessies en die aanstelling van hul kliënte in ondernemings in die DRK te weeg te bring. In die gevalle wat bespreek is, het die Zimbabwiese groepe die stig van ondernemings en toekenning van konsessies geïnisieer, maar hulle het self nie oor die finansiële vermoëns of die kundigheid beskik om sulke bedrywighede te bestuur nie, en buitengroepe moes genader word om dit te voorsien.

Daar is ander aktiwiteite waarby die bogenoemde Zimbabwiese groepe baat vind, wat nie noodwendig afhanklik is van kapitaal en kundigheid van buite nie. Sulke aktiwiteite sal vervolgens bespreek word.

3.2.5 Zimbabwiese betrokkenheid by ander lonende aktiwiteite in die DRK

3.2.5.1 Zvinavashe Transport

Na die toetrede van die Zimbabwiese weermag tot die konflik in die DRK in 1998 het die besigheidsbelange van die Hoof van die Zimbabwiese weermag, Lt.genl. Vitalis Zvinavashe, en sy broers Francis en Augustine, baat daarby gevind. Reeds voor die konflik was Lt.genl. Zvinavashe en sy broers in besit van verskeie ondernemings, insluitend Swift Investments, Zvinavashe Holdings en Zvinavashe Transport. In Junie 2000 het Zvinavashe Transport 'n kontrak by die Zimbabwiese weermag losgeslaan om militêre toerusting en voorraad na en van die DRK te vervoer vir die Zimbabwiese weermag. Die besonderhede van die tenderproses, indien enige, is onbekend (Stiff, 2000: 256; Africa Confidential 22 Maart 2002, vol 43 (6)).

3.2.5 .2 Zimbabwe Defence Industries (ZDI)

Tydens Laurent Kabila se rebellie teen president Mobutu Sese Seko laat in 1996 het die Zimbabwiese regering ongeveer VSA \$5m aan Kabila geskenk. Vroeg in 1998, na Kabila die presidensie oorgeneem het, het ZDI, 'n staatsbeheerde liggaam wat die kommersiële aktiwiteite van die Zimbabwiese weermag koördineer, 'n kontrak van VSA \$53m verkry om die DRK se magte van mortiere, stewels en uniforms te voorsien. Die direkteure van ZDI sluit die Hoof van die Lugmag, lugmaarskalk Perence Shiri, en die Hoof van die Weermag, lt-genl. Zvinavashe in. Die kontrak vir die vervoer van hierdie goedere na die DRK is toegeken aan Zvinavashe Transport. Die besonderhede van die tenderproses is onbekend. Die eienaarskap van die besigheid is in die vorige bespreking uitgelig (http://www.hsf.org/focus19/focus19_refozanu.html).

3.2.5 .3 Diamantsmokkelary

In April 2002 het aantygings aan die lig gekom wat hooggeplaaste lede van ZANU PF, die Zimbabwiese weermag, ZANU PF-parlementariërs en lede van Mugabe se familie geïmpliseer het in die smokkel van diamante afkomstig van die DRK. Sulke diamante word 'bloeddiamante' genoem omdat dit vanaf gebiede kom waar konflik plaasvind en die diamante vermoedelik gebruik word om die vyandelikhede te befonds. Volgens die Diamantkantoor van die Belgiese regering is diamante ter waarde van VSA \$1.02 biljoen in 2000 deur die DRK uitgevoer, waarvan 'n geskatte VSA \$ 854m, of 85% daarvan, uitgesmokkel is (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=1930>).

Volgens The Guardian, 'n Britse koerant (http://www.guardian.co.uk/zimbabwe_/article/0,2763,661183,00.html), het John Marsischky, 'n vennoot in Flashes of Color, 'n Amerikaanse firma wat diamante verkoop en versprei, Zimbabwe in Januarie 2001 op uitnodiging van die MBC besoek. Die MBC is 'n staatsbeheerde liggaam wat mineraalontginning in Zimbabwe koördineer. Daar is reeds melding gemaak van dié onderneming se rol in die verduistering van VSA \$ 600 000 wat vir die ontwikkeling van Zimbabwiese houtkonsessies in die DRK bedoel was.

Volgens Marsischky het hy tydens sy besoek verskeie vergaderings met lede van die Zimbabwiese kabinet en weermag gehad. Tydens een so 'n vergadering het Shiri, die Hoof van die Zimbabwiese Lugmag, hom 'n pakkie ongeslypte diamante aangebied waarvoor Shiri ongeveer VSA \$400 000 wou gehad het. Geen dokumente wat die plek van oorsprong van die diamante aandui, was beskikbaar nie. Toe hy ingelig is dat sulke diamante nie sonder die nodige dokumentasie uitgevoer kan word nie, was die lugmaarskalk se reaksie 'daar moet 'n manier wees, ander mense doen dit'. Op 22 Januarie is Marsischky genader deur nog 'n neef van Mugabe, Innocent Mugabe, wat 'n hoë pos in die CIO beklee het tot sy dood in 'n motorongeluk in Augustus 2001. Innocent Mugabe het Marsischky voorgestel aan Sabina Mugabe, sy ma en Mugabe se suster (Sabina Mugabe se belangstelling in besette plase is vroeër bespreek). Sy het 'n pakkie ongeslypte diamante aan Marsischky aangebied. Op navraag het sy beweer dat die nodige dokumentasie aangestuur sou word na die VSA nadat Marsischky Zimbabwe verlaat het. Voorts is Marsischky genader deur Bob Codrington, 'n blanke besigheidsman wat Vitalis Zvinavashe, Hoof van die Weermag, en Emmerson Mnangagwa, die Minister van Justisie en Parlementêre Aangeleenthede, verteenwoordig het. Codrington het aangebied om diamante vanaf die DRK te verskaf tesame met dokumente wat sou verklaar dat dit van Suid-Afrika afkomstig is. Hy het verder beweer dat die geldoorplasings behartig sou word deur Dickson & Madison. Laasgenoemde is 'n Kanadese politieke konsultasiemaatskappy wat in Februarie 2002 opslae sou veroorsaak toe dit 'n videoband vrygestel het waarin die leier van die MDC, Morgan Tsvangirai, kwansuis in Toronto, Kanada, in Desember 2001 'n sluipmoord op Mugabe bespreek het. Daar is later bewys dat die band gesny en herrangskik was. Marsischky het beweer dat hy die aanbod van Codrington die hand gewys het (<http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3632>; <http://www.guardian.co.uk/zimbabwe/article/0,2763,661183,00.html>).

Weermagoffisiere is ook amptelik aangemoedig om hul koffers aan te vul terwyl hulle in die DRK was. 'Daar is fortune om gemaak te word in die Kongo', het kolonel Tshinga Dube, 'n dienende weermagoffisier in die DRK, op Zimbabwiese televisie gesê. Hy het verder ook gevra 'so hoekom moet ons jaag om die rebelle te oorwin?' (Meredith, 2002: 149). In Junie 2001 kon Zimbabwiese koerante berig dat 'n soldaat in die Eerste

Infanterie Bataljon wat diamantmyne in die Mbuji Mayi-gebied moes bewaak, aan maj.-genl. Constantine Chiwenga gesê het dat soldate betrokke was by diamantsmokkelary. Geen stappe is geneem na sy onthulling nie en hy is daarna aangerand deur soldate van die Intelligensiekorps (Africa Confidential, 15 Junie 2001, vol 42 (12)).

Behalwe vir die aktiwiteite wat in die voorafgaande besprekings uitgelig is, is daar ook gevind dat Afrika-gryspappagaai, 'n rare en beskermde spesie wat tot Britse £1 000 per voël in Europa en die VSA haal, uit die DRK deur Zimbabwiese magte gesmokkel word. Die voëls word in militêre vliegtuie vanaf Lubumbashi in die DRK na Harare vervoer, waar dit verkoop word (Stiff, 2000: 257) Dit is onbekend wie die smokkelary reël en daarby baat.

3.3 Zimbabwe as 'aasvoëlstaat'

Die voorafgaande bespreking het getoon dat die Zimbabwiese leierskap (die term verwys na 'n alliansie van lede van die uitvoerende gesag, senior offisiere in die gewapende magte, hooggeplaaste lede van die burokrasie en senior amptenare in die regerende party) en hul vennote private finansiële voordeel trek uit die betrokkenheid van die Zimbabwiese weermag in die DRK-konflik. Daar is ook getoon dat die bogenoemde Zimbabwiese amptenare besighede en sakelui genader het om hulle by te staan in hul aktiwiteite. Global Witness (<http://www.oneworld.org-globalwitness>) bestempel die hout- en koperkonsessies wat aan Zimbabwe toegeken is deur die DRK-regering as 'hulpbronkolonialisme'. Verder voeg die instansie by dat die doel van sulke ondernemings is om persoonlike rykdom vir Zimbabwiese politici te verseker en om ZANU PF (in teenstelling met die Zimbabwiese staat) finansiël te ondersteun.

'n VN Veiligheidsraadverslag van November 2001 (http://www.un.org/Docs/sc/letters_/2001/1072e.pdf) meld vyf redes vir Zimbabwe se betrokkenheid in die DRK-konflik. Die eerste is dat Zimbabwe se leierskap die land se status in die SAOG teenoor Suid-Afrika wou handhaaf. Tweedens het die regering se hantering van die land se ekonomie veel te wense oorgelaat en die inmenging in die DRK is gesien as 'n manier om populêre ondersteuning vir die regering 'n hupstoot te gee. Derdens het die Zimbabwiese regering

reeds bande met Laurant Kabila gehad nog voor sy bewindsoorname. Vierdens het die Zimbabwiese regering en Mugabe spesifiek 'n terugslag beleef nadat Zimbabwe die Mosambiekse regering in die 1980's ondersteun het teen die Suid-Afrikaans-ondersteunde RENAMO. Na die oorlog verby was, het Suid-Afrikaanse besigheidslui die Mosambiekse mark 'gemonopoliseer', tot die onsteltenis van Zimbabwiërs, en die Zimbabwiese regering wou nie toelaat dat dieselfde in die DRK gebeur nie. Laastens meld die Veiligheidsraad dat die feit dat die drastiese inkrimping van die Zimbabwiese ekonomie in die middel van die 1990s min moontlikhede oorgelaat het vir senior weermagoffisiere en lede van die uitvoerende gesag om hulself persoonlik te verryk. Die DRK is deur die bogenoemde groepe gesien as 'n bron van moontlike selfverryking.

'n Veiligheidsraadverslag van April 2001 (http://www.un.org/Docs/sc/letters_/2001/357e.pdf) oor die konflik in die DRK, noem dat daar 'n verband was tussen die verlenging van die oorlog in die DRK en die eksploitasie van die land se natuurlike hulpbronne. Die verslag voer aan dat die betrokke regerings van ander state in die streek die geleentheid wat die konflik hulle bied, gebruik om rykdom van die DRK oor te plaas na hulle eie ekonomieë. Rwanda, Uganda en Zimbabwe is volgens die Veiligheidsraad skuldig aan sulke gedrag. Verder gebruik hooggeplaaste individue in die betrokke lande se weermagte, regerings en hul private besigheidsvennote die oorlog om hulself te verryk. Die Veiligheidsraad noem spesifiek Zimbabwe as 'n voorbeeld hiervan. Laastens kon die DRK se regering aansporing aan sy bondgenote bied, in die vorm van mineraalkoncessies, om in die konflik betrokke te raak en te bly.

Die voorgaande het getoon dat politieke netwerke bestaande uit lede van die Zimbabwiese leierskap en hul kliënte soos besigheidslui, uitgebrei het na die DRK toe die konflik daar uitbreek het. Dit is gedoen is met die doel om daardie staat se natuurlike hulpbronne te plunder. Soos voorheen geïllustreer, was hierdie netwerke reeds binne Zimbabwe bedrywig en het daarna uitgebrei na die DRK. Dit is nie 'n geval waar kriminele netwerke 'n staat binnedring nie, maar eerder die lede van die leierskap in Zimbabwe wat reeds kwalifiseer as staatsentrepreneurs wat staatstrukture en hul amptelike posisies gebruik om hulself te verryk. Die argument is dat Zimbabwiese

staatstrukture, in hierdie geval die fisiese inmenging van die Zimbabwiese weermag in die DRK, deur hierdie amptenare aangewend word om hulself te verryk ten koste van die natuurlike hulpbronne van die DRK. Dit is dus billik om Zimbabwe as 'n aasvoëlstaat te tipeer.

Gevolgtrekking

In hierdie skripsie is geargumenteer dat sommige Afrika-leierskappe aan bewind bly deur geweld te gebruik teen groepe of individue wat as opposisie beskou word en deur korrupsie, wat beteken dat kliëntenetwerke opgebou word wat hulself en hul kliënte verryk. Leierskappe is gedefinieer as 'n alliansie van lede van die sentrale uitvoerende gesag, senior offisiere in die gewapende magte, hooggeplaaste lede van die burokrasie en senior amptenare in die regerende party. Deur die gebruik van kliëntenetwerke kry sleutelondersteuners toegang tot staatshulpbronne en word hulle toegelaat om sulke hulpbronne vir eie verryking te gebruik. Verder is geargumenteer dat sodanige netwerke van staatstrukture gebruik kon maak om hul aktiwiteite uit te brei na naburige state. Die term 'aasvoëlstaat' is gebruik om te verwys na 'n situasie waar staatstrukture gebruik word om die selfverrykingsaktiwiteite van kliëntenetwerke in ander state voort te sit. So 'n situasie speel homself tans af in die Republiek van Zimbabwe. Vervolgens sal die bedrywighede van die leierskap van Zimbabwe getoets word aan die argumente wat in die bespreking uiteengesit was.

Geweld teen opposisiegroepe

Daar is geïllustreer dat die ZANU PF-regering 'n geskiedenis het van die gebruik van geweld teen groepe en mense wat dit as opposisie beskou. Tydens die *Gukurahundi* in die 1980's was die inwoners van Matabeleland blootgestel aan die brutaliteit van die Vyfde Brigade. Dit was 'n spesiale Noord-Koreaanse-opgeleide eenheid wat deur Mugabe se neef, Perence Shiri, aangevoer is. Verder is elke verkiesing tussen 1985 tot 2002 gekenmerk deur ZANU PF-geweld teen opposisiegroepe. Lede van die uitvoerende gesag en senior lede van die weermag het die besetting van blanke boere se plase na die afloop van Februarie 2000-referendum beplan. Groepe soos die 'oorlogsveterane' en lede van

ZANU PF se jeugliga is gebruik om geweld teen opposisiegroepe en hul ondersteuners te pleeg. Alhoewel hierdie twee groepe nie direk met die staat verbind kan word nie, is daar getoon dat hulle aktiwiteite gekoördineer is deur die staat se strukture soos die CIO en die weermag. Verder het hulle ook ondersteuning soos voedsel, vervoer en opleiding van die staat ontvang. 'n Analise van die slagoffers van politieke geweld het getoon dat die oorgrote meerderheid van sulke slagoffers ondersteuners en lede van die MDC was. Verder het uitsprake van president Mugabe en ander lede van die uitvoerende gesag, bygedra tot 'n atmosfeer waarin geweld teenoor ondersteuners van die opposisie skynbaar amptelike goedkeuring weggedra het. Die indruk is versterk deur die amnestie wat in Oktober 2000 toegestaan is aan die plegers van politieke geweld.

Korrupsie binne Zimbabwe

Die ZANU PF-regering het na onafhanklikheid mag gesentraliseer in die hande van die uitvoerende gesag. Die parlement se vermoë om die uitvoerende gesag tot verantwoording te roep, was beperk. Terselfdertyd het lede van die uitvoerende gesag, soos Emmerson Mnangagwa en Sydney Sekeramayi en hul vennote, 'n besigheidsnetwerk namens ZANU PF in die lewe geroep. Die middelpunt hiervan was Zidco Holdings en M&S Syndicate. Lede van die uitvoerende gesag en hul vennote het op die direksies van die twee ondernemings gedien asook op die direksies van ander ondernemings waarin dié twee 'n aandeel gehad het. Daar is ook getoon dat verskeie van die ondernemings afhanklik was van staatskontrakte wat aan hulle toegeken is omdat Zidco Holdings of M&S Syndicate aandele daarin besit het. Die argument is dat sodanige ondernemings gedien het as 'n manier om lede van die uitvoerende gesag en hulle kliënte te verryk. Verder het die individue wat die twee ondernemings bestuur het, hulle amptelike posisies as lede van die uitvoerende gesag gebruik om te verseker dat staatskontrakte aan ondernemings wat deel was van die besigheidsnetwerk toegeken word. Die dien ook as 'n bewys dat diegene wat daarin betrokke was, 'staatsentrepreneurs' was wat die staat as 'n politieke middel tot private rykdom gesien het en hul openbare posisies vir private verryking gebruik het.

Korrupsie in grondhervorming

Die bespreking het getoon dat lede van die uitvoerende gesag, senior offisiere in die weermag (insluitend die hoofde van die lugmag en weermag) gebaat het uit die grondhervormingsprogram wat van stapel gestuur is onder die vaandel van 'gewillige koper, gewillige verkoper'. Verder het staatsamptenare, insluitend persone werksaam in die president se kantoor, en selfs werknemers van die Universiteit van Zimbabwe, plase ontvang. Die nuwe grondhervormingsproses wat laat Februarie 2000 begin is, het tot gevolg gehad dat lede van die uitvoerende gesag - weer - daaruit gebaat het. Offisiere van die weermag en CIO, ampsdraers van ZANU PF en lede van die regsbank het ook plase ontvang. In sommige gevalle is besetters verwyder om lede van die bogenoemde groepe toe te laat om besit te neem van die plase. In beide prosesse van grondhervorming is die argument dat die toekenning van plase gebruik is as 'n metode om lede van die leierskap te verryk en om hulpbronne aan hul kliënte te verskaf. Beide grondhervorming en die gevalle van korrupsie in die privaatsektor wat daarna beskryf is, dien as voorbeelde waar staatsentrepreneurs hulle amptelike posisies gebruik het vir private verryking. Die gevalle wat daarna uitgelig is het getoon hoe lede van die uitvoerende gesag hul posisies gebruik om hulself en hul kliënte te verryk. Alhoewel Econet uiteindelik sy stryd gewen het, bied dit 'n waardevolle illustrasie van hoe kliëntenetwerke funksioneer.

Korrupsie en Zimbabwe se betrokkenheid in die DRK

Dieselfde persone wat prominent was in die misbruik van hulle amptelike posisies vir private verryking binne Zimbabwe, onder andere Emmerson Mnangagwa, lugmaarskalk Perence Shiri, die Hoof van die Lugmag, en luitenant-generaal Vitalis Zvinavashe, die Hoof van die Weermag, het hul aktiwiteite uitgebrei in die DRK. Verder is aangetoon dat die regering van die DRK nie Zimbabwe finansieel kon vergoed vir sy hulp aan Kabila nie en dat mineraalkonsessies in ruil daarvoor aangebied is. Die gevolg was Zimbabwiese eksploitasie van die DRK se natuurlike hulpbronne waardeur lede van die Zimbabwiese leierskap en hulle kliënte gebaat het. Dit is ook opmerklik dat in korrupte aktiwiteite beide binne en buite Zimbabwe, lede van Mugabe se familie, lugmaarskalk Perence Shiri, Leo Mugabe, Innocent Mugabe en Sabina Mugabe almal prominente rolle gespeel het. Daar is ook geïllustreer dat lede van die leierskap baat uit 'n reeks ander aktiwiteite wat

uit die DRK-konflik voortspruit, soos lugvaart, die toekenning van weermagkontrakte en diamantsmokkelary. Deur staatstrukture, by name die weermag, te gebruik om die DRK binne te dring, het bestaande kliëntenetwerke binne Zimbabwe dit reg gekry om hul aktiwiteite in daardie staat voort te sit. Zimbabwe se bedrywighede in die DRK laat die staat kwalifiseer as 'n aasvoëlstaat.

Dit is gevolglik billik om te sê dat die Zimbabwiese leierskap aan bewind bly deur geweld te gebruik teen groepe wat hulle as opposisie beskou, en korrupsie deur kliëntenetwerke op te bou wat hulself en hul ondersteuners verryk.



Bibliografie

1. Astrow A, 1983, Zimbabwe: A Revolution That Lost Its Way?. Zed Press, London.
2. Ayittey G, 1992, Africa Betrayed. St Martin's Press, New York.
3. Ayittey G, 1998, Africa in Chaos. St Martin's Griffin, New York.
4. Breytenbach W, 2000, 'Die erosie van outokrasie in Zimbabwe' in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, vol 40 (4)..
5. Brooks R, 1970, 'The Nature of Political Corruption' in Heidenheimer A, Political Corruption: Readings in Comparative Analysis. Holt, Rinehart & Winston Inc., New York.
6. Chazan N, Mortimer R, Ravenhill J, Rothchild D, 1992, Politics and Society in Contemporary Africa. Lynne Rienner Publishers, Boulder.
7. Chenoweth N, 2001, Virtual Murdoch: Reality Wars on the Information Highway. Secker & Warburg, London.
8. Clapham C, 1996, Africa and the International System: The Politics of State Survival. Cambridge University Press, Cambridge.
9. Fatton R, 1992, Predatory Rule: State and Civil Society in Africa. Lynne Rienner Publishers, Boulder.
10. Gann L, 1986, 'Malawi, Zambia and Zimbabwe' in Duigan P & Jackson R (reds).
11. Herbst J, 1990, State Politics in Zimbabwe. University of California Press, Berkeley.
12. Kpundeh S, 1995, Politics and Corruption in Africa. University Press of America, Maryland, Lanham.
13. Makamura K, 1991, 'The Struggle for Democracy and Democratisation' in Mandaza I & Sachikonye L (reds) The One Party State and Democracy: The Zimbabwe Debate. Southern Africa Political Economy Series (SAPES) Trust, Harare.
14. Meredith M, 2002, Robert Mugabe: Power, Plunder and Tyranny in Zimbabwe. Jonathan Ball, Johannesburg.
15. Monya C, 1997, 'Eight Problems With African Politics' in Journal of Democracy, vol 8 (3).

16. Physicians for Human Rights (Denmark), 2002, Zimbabwe 2002, The Presidential Elections: 44 days to go. Physicians for Human Rights (Denmark), Johannesburg
17. Reno W, 1998, Warlord Politics And African States. Lynne Rienner, London.
18. Rotberg R, 2000, 'Zimbabwe's Prospects' in Christian Science Monitor, vol 92.
19. Sachikonye. L, 1991, 'The Context Of The Democracy Debate', in Mandaza I & Sachikonye L (reds), The One Party State and Democracy: The Zimbabwe Debate. Southern Africa Political Economy Series (SAPES) Trust, Harare.
20. Stiff P, 2000, Cry Zimbabwe: Independence - Twenty Years On. Galago, Alberton.
21. Thomson A, 2000, An Introduction to African Politics. Routledge, London.
22. Weiss R, 1994, Zimbabwe and the New Elite. British Academic Press, London.
23. Williams R, 1987, Political Corruption in Africa. Gower Publishing Company Limited, Hampshire.
24. Williams P&Brooks D,1999, 'Captured, Criminal and Contested States: Organised Crime in Africa in the 21st Century' in South African Journal of International Affairs, vol 40 (2).
25. Zimbabwe Human Rights NGO Forum, 2001, Politically motivated violence in Zimbabwe 2000–2001: A report on the campaign of political repression conducted by the Zimbabwean Government under the guise of carrying out land reform Zimbabwe Human Rights NGO Forum, Harare.
26. Zimbabwe Human Rights Forum, 2001, Who was responsible? Alleged perpetrators and their crimes during the 2000 Parliamentary Election period. Zimbabwe Human Rights NGO Forum, Harare.
27. Zimbabwe Human Rights Forum, 2002, Political Violence Report: December 2001. Zimbabwe Human Rights NGO Forum, Harare.
28. Zimbabwe Human Rights Forum, 2002, Political Violence Report: May 2002. Zimbabwe Human Rights NGO Forum, Harare.

Koerante

29. Weekly Mail&Guardian, 20 Desember 1996
30. Weekly Mail&Guardian 25 April 1997
31. Weekly Mail&Guardian 2 Mei 1997

32. Weekly Mail&Guardian, 6 Junie 1997
33. Weekly Mail&Guardian, 23 Desember 1997
34. New Statesman, 9 Maart 2001
35. Weekly Mail&Guardian, 5 Mei 2000
36. The Citizen, 28 Junie 2000
37. Weekly Mail&Guardian, 30 Junie 2000
38. Weekly Mail&Guardian, 30 Junie 2000
39. US News&World Report, 5 Augustus 2000
40. Business Day, 5 Desember 2001
41. Business Day, 14 Desember 2001

Joernale

42. Africa Confidential 17 Desember 1999, vol 40 (23)
43. Africa Confidential 19 Junie 2000, vol 41 (3)
44. Africa Confidential 21 Julie 2000, vol 41 (5)
45. Africa Confidential 15 September 2000, vol 41 (18)
46. Africa Confidential 5 November 2000, vol 41 (22)
47. Africa Confidential 23 Maart 2001, vol 42 (6)
48. Africa Confidential 20 April 2001, vol 42 (8)
49. Africa Confidential 4 Mei 2001, vol 42 (9)
50. Africa Confidential, 15 Junie 2001, vol 42 (1)
51. Africa Confidential 14 September 2001, vol 42 (18)
52. Africa Confidential 22 Maart 2002, vol 43 (6)
53. Africa Confidential 5 April 2002, vol 43 (6)

Internet

54. <http://www.zwnews.com/dongolist.cfm>
55. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=1930>
56. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3469>
57. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3479>
58. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3524>

59. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3530>
60. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=3632>
61. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4106>
62. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4138>
63. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?Article ID=4164>
64. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4176>
65. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4187>
66. <http://www.zwnews.com/issuefull.cfm?ArticleID=4196>
67. <http://www.hsf.org focus 18/Zanufocus18.htm>
68. <http://www.hsf.org.za/focus18/farm focus.htm>
69. <http://www. hsf.org /focus19/focus19 refozanu.html>
70. <http://www.usis.usemb.se/ human/human96/zimbabwe.htm>
71. <http://www.gov/g/drls/2000/af/852.htm>
72. <http://www.state.gov/g/drl/rls/hrrpt/2001/af/8411.htm>
73. http:// www.news24.com/News24/zimbabwe/0,1113,2-259_1166992.co.html
74. <http://www.news24.co.za/news24zimbabwe/ 0,1113,2-59-11896,200.html>
75. <http://www.news24. co.za/news24zimbabwe/ 0,1113,2-59,1138894,00.html>
76. http://www.un.org/Docs/sc/letters/2001_/375e.pdf
77. <http://www.un.org/Docs/sc/ letters/2001/1072e.pdf>
78. <http://www.web.amnesty.org/ai.nsf/AFR/60822000?Open Document>
79. <http://www.web.amnesty.org/ai.nsf/print/AFR460322002? OpenDocument>
80. <http://www.guardian.co.uk/zimbabwe /article /0,2763,661183,00.html>
81. <http://www.guardian.co.uk/ zimbabwe/article/0,2763,673,291,000.html>
82. <http://www.dfn.org/focus/zimbabwe/infoaccessbill.htm>
83. <http://www. oneworld.org- globalwitness>
84. <http://www.observer.co.uk/worldview/story/0,11581,661147.co.uk.html>
85. <http://www.mg.co.za/mag/zim/zimchronic.html>
86. <http://www.ifex.org/alerts/view.html?id=10295>
87. <http://www.spectator.co.uk/article.php3?table=old§ion=current&issue=2002-05-18&id=1756&searchText=john%20brendenkamp>

